Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

Stanmorephysics

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## 2021

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 46 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Roman | (35) |
| AFDELING B: Drama | (35) |
| AFDELING C: Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| | | |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 9 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 14 |
| | | |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 18 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 22 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 27 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 32 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Die rot in die val" | 17 | 37 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die weldoener" | 18 | 39 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Die nuwe kind" | 17 | 42 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Boekmerk" | 18 | 44 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste GETAL vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |

**LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het.

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING A: ROMAN**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

> Eendag sal hy nie meer woon waar dit altyd skemer is nie, hy sal soos ander mense in die son woon . . .
>
> "Ek sê, jy moet nou kom!" het oom Anneries begin kwaad word. "Ek sê dit nie weer nie!"
>
> "Ek bly hier, oom kan alleen dorp toe gaan."
>
> "Wat?"
>
> "Oom kan die goodfor vir MacDonald loop vra en die goed kry. Ek bly net hier."
>
> "Jy sal lat ék jou vandag bykom! Waar kan jy soos 'n Veltmaspadmuil staan vassteek en sê jy gaat nie verder nie? Het jy nou bejosie geraak?"
>
> "Ek bly net hier."
>
> "Dit lyk my jou pa het jou nie goed genoeg bygekom nie! As ek vandag vir jou gat 'n spar vat, sal jy spyt wees! Jy't gekom tot hier en jy sal gaat tot daar al moet ek jou hier afsléép!"
>
> Saul het geweet hy het die meeste uitstel uit die ou man getart en sonder 'n verdere woord begin aanstap. Dit het gevoel of sy lyf in rieme vasgewoel was en alles in hom wou uitbreek. Dieselfde magtelose koppigheid as die dag toe hy die byl teen die kalander moes lig, het in hom opgestaan en aan die rieme geruk.
>
> Toe hulle kort voor kwartdag in die stil stofstraat afstap, het hy probeer om so te loop dat sy tone nie voor by sy skoene uitpeul nie.

1.1 "Eendag sal hy nie meer woon waar dit altyd skemer is nie, hy sal soos ander mense in die son woon ..." (Reël 1 en 2)

1.1.1 Na watter plek (waar dit altyd skemer is) verwys Saul hier? (1)

1.1.2 Waarom is die gebruik van die ellips hier so gepas? (1)

1.2 Op pad Knysna toe het Saul vir die eerste keer die see gesien.

1.2.1 Waarmee het Saul die see vergelyk? (1)

1.2.2 Wat het Saul homself belowe toe hy die see gesien het? (1)

1.3 "Ek bly hier, oom kan alleen dorp toe gaan." (Reël 5)

1.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met hierdie woorde het Saul *weer* gewys dat hy (liewer by die huis wou bly om hout te kap/'n wil van sy eie gehad het). (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1 deur te verwys na die insident weke tevore toe die kalander gekap moes word. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.4 "... het hy probeer om so te loop dat sy tone nie voor by sy skoene uitpeul nie." (Reël 18 en 19)

1.4.1 Gee EEN woord om te beskryf hoe Saul hier gevoel het terwyl hy in die dorp gestap het. (1)

1.4.2 Verduidelik wat MacDonald gedoen het wat dieselfde gevoel (soos in VRAAG 1.4.1) by Saul laat ontstaan het, toe Saul vir die eerste keer saam met sy pa dorp toe is. (1)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.5) neer.

Dis duidelik dat Saul na sy eerste besoek aan die dorp ...

A sy pa se optrede teenoor MacDonald op die houtwerf goedgekeur het.
B dadelik verstaan het hoe om besigheid op die dorp te doen.
C nooit weer spontaan kind kon wees nie.
D baie respek vir MacDonald sou hê. (1)

1.6 Waarom kan ons sê dat die tweede ontmoeting met MacDonald belangrik vir Saul se toekoms sou wees? (1)

1.7 'n Mens kon verwag dat daar 'n finale breuk of skeuring tussen Saul en sy pa sou wees.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

1.8 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Saul het MacDonald se diens verlaat om te gaan goud delf.
- Die Bosmense het Saul as 'n verraaier gebrandmerk.
- Saul het gelukkige tye by oom Abraham Steyn beleef.
- Saul se pa het hom uit die Bos weggejaag. (4)

1.9 Saul kon tevrede voel dat hy genoeg gedoen het om sy familie en die ander Boswerkers uit die houtkopers se mag te red of te wou red.

Motiveer die stelling deur in jou antwoord te verwys na wat Saul gedoen het. (1)

1.10 Vergelyk Joram en MacDonald se optrede teenoor Saul. Watter ooreenkoms sien jy raak? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

…, maar Crompton se besoek het dinge tot 'n punt gedryf waar hy nie langer kon uitstel om 'n slag opname te maak nie …

Hy het die trog uitgesleep en skerm toe geloop.

Beth.

'n Wulpse, bedorwe rykmanskind wat haar onrus oor die gebrek aan hubare mans nie 'n oomblik weggesteek het nie. Sy is gaaf, sy is pret en om die een of ander rede het sy vir Saul Barnard en Peter Crompton uitgesoek as die alleenbesit van haar en haar suster, Annabel. Daar is min danspartye waarop hulle nie saam is nie. Wanneer die *Venice* of die *Pictor* in die hawe is, word om die beurt aan boord of in die hofsaal op die dorp gedans. Net die room van die dorp en distrik word genooi en dat daar aan die begin dikwels agter sy rug gefluister was, het hy nie betwyfel nie.

"Strange what money can do," het Elizabeth Stewart, Jane se ma, die tweede of derde keer dat hy saam met Beth aan boord van die *Pictor* gedans het, opgemerk. Neus in die lug en op 'n moment wat sy fyn gekies het, het sy die opmerking gemaak; so of sy wou seker maak dat hy dit hoor.

Toe die orkes vir die volgende dans begin speel, het hy reguit na haar gestap, haar in die oë gekyk en gevra: "Do you mind dancing with money?"

1.11 Volgens reël 1 en 2 moes Saul oor sekere dinge gaan nadink.

Noem TWEE dinge waaroor Saul op daardie stadium moes gaan nadink. (2)

1.12 Wat bedoel die spreker met die volgende vetgedrukte woorde?

"Net die **room van die dorp en distrik** word genooi en dat daar aan die begin dikwels agter sy rug **gefluister** was, het hy nie betwyfel nie." (Reël 10 en 11) (2)

1.13 Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.13.1 tot 1.13.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.13.1 | Kate het in die Bos kom skoolhou. | A | Saul se familie is van die houtwerf af weggejaag. |
| 1.13.2 | Kate se ouers was ontevrede oor Saul en Kate se saamwees in die Bos. | B | Saul het besluit om vir oulaas terug te gaan Bos toe. |
| 1.13.3 | Saul kon nêrens 'n erf te koop gekry het nie. | C | Saul en Kate kon oor hulle gevoelens met mekaar praat. |
| 1.13.4 | Maska het die nuus van klein Joram se dood gebring. | D | Saul het besluit om Knysna finaal te verlaat. |
| | | E | Saul het sy vriende op Swellendam gegroet. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.14) neer.

Aan die begin sou Saul net die Pictor verlaat en teruggaan Bos toe om …

A met sy broer oor die dood van sy kind te simpatiseer.
B vir Kate te gaan groet en te vertel dat hy sou weggaan.
C vir die Bosmense te wys dat hy nie 'n lafaard was nie.
D te keer dat Oupoot voor Terblans se koeëls moes kniel. (1)

1.15 Saul het voor Maska grootgeword.

Som Saul en Maska se verhouding op.

1.15.1 Hoe was die verhouding tussen Saul en Maska? (1)

1.15.2 Gee TWEE bewyse om jou antwoord op VRAAG 1.15.1 te motiveer. (2)

1.16 Daar is 'n paar temas in hierdie roman, byvoorbeeld:

- Natuurbewaring en die uitwissing van plant- en dierelewe
- Klasseverskille in die samelewing
- 'n Mens se manier om te baklei vir dinge wat jy as jou eie beskou

1.16.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in hierdie uittreksel na vore? (1)

1.16.2 Hoe sluit Elizabeth Stewart se opmerking hierby aan? (1)

1.17 Beantwoord die volgende vrae.

1.17.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Tydens nog 'n dansparty die volgende Saterdag het MacDonald ook weer probeer om vir Saul (te verneder/aan sy kant te kry). (1)

1.17.2 Motiveer jou antwoord deur na die gesprek tussen die twee mans daardie aand te verwys. (1)

1.18 Dink aan die volgende karakters in die roman:

- Jozef
- Beth
- Patterson

Watter karakter, dink jy, het die grootste **positiewe** invloed op Saul se lewe gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter gedoen het en HOE daardie aksie Saul se lewe uiteindelik positief beïnvloed het. (2)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

'n Wese van 'n ander planeet wat die minister se lyf oorgeneem het. Toe dog, ek maar dan kon al die ander ministers se lywe mos ook oorgeneem word! Dan kan die hele parlement mos vol aliens wees!

Toe ek vir Beyers vra of hy 'n storie sal lees waarin die parlement deur aliens oorgeneem word, toe grinnik hy en sê nee, dit klink heeltemal te na aan die werklikheid. En hy stap fluitend voort. In so 'n vrolike bui dat jy sou sweer sý lyf is deur 'n alien oorgeneem.

Nou sit ek op my bed, langs 'n flikkerende kers op 'n omgekeerde boks, en wonder waaroor ek kan dig. Ek sien niks in die kamer wat my inspireer nie. Dis 'n baie basiese vertrek, omtrent so groot soos 'n tronksel, met 'n kaal houtvloer, twee bewerige ysterkatels en vier hake waaraan 'n paar kledingstukke opgehang kan word. Die hake sit bokant 'n klein venstertjie, sodat die hangende klere sommer ook as gordyne kan dien. G'n plafon nie, net swaar houtbalke wat die rietdak stut. G'n matjie of muurversiering nie. 'n Eenvoudige, koue kamer. Dis al.

Hoe gaan daardie versie nou weer?

*Dis die vloer,*
*dis die muur,*
*dis die donkerste uur.*
*Dis al.*
*Dis die pen in my hand,*
*dis die leë papier,*
*dis die bitterste uur.*
*Dis al.*

Hanna Hoekom. Winter 2002.

2.1 Wat is die naam van die plek waar hierdie wintervakansie afspeel? (1)

2.2 Ons het Hanna leer ken met haar opinie oor haar stiefpa en haar biologiese pa.

2.2.1 Wat was Hanna se opinie oor Beyers as 'n man vir Mana? (1)

2.2.2 Wat het Hanna gedink van die idee dat Gavin saam met die gesin haar verjaarsdag sou vier? (1)

2.3 Hierdie roman word vanuit die perspektief van die eerstepersoonverteller (Hanna self) gedoen.

Waarom is dit so gepas? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.4 "En hy stap fluitend voort. In so 'n vrolike bui dat jy sou sweer sý lyf is deur 'n alien oorgeneem." (Reël 6 en 7)

2.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ons kan aflei dat Beyers die vakansie (baie geniet het/gou wou verbykry). (1)

2.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.4.1 deur te verwys na Beyers en Mana se rede vir hierdie vakansie. (1)

2.5 Lees weer Hanna se gediggie. (Reëls 16 tot 23)

2.5.1 Gee EEN woord om die toon van Hanna se gediggie te beskryf. (1)

2.5.2 Verduidelik waarom Hanna hierdie gediggie tydens hierdie vakansie in hierdie toon geskryf het. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

Hanna was nie tevrede met haar lewe nie. Dit was waarom sy ...

A wou hê Sharon moes saam vakansie hou.
B vir haar 'n alter ego, Fabienne, geskep het.
C so graag vir juf. Liebenberg wou beïndruk.
D nie 'n partytjie wou hê nie. (1)

2.7 Dink aan die gaste wat tydens die vakansie opgedaag het.

Waarom was dit nodig vir die ontwikkeling in Hanna se lewe dat Sharon juis daardie vakansie besluit het om vir Hanna te gaan kuier? (1)

2.8 Gavin het Hanna in hierdie roman baie verbaas.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

2.9 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Mana en Beyers het mekaar ontmoet toe hulle die dag met Pampoen en Patat gaan stap het.
- Mana-hulle het 'n groter huis in die Kaap gesoek.
- Mana het 'n speel-speel-troue gehad om die familie gelukkig te hou.
- Mana het 'n fantastiese pa vir haar kind oorsee gaan kies. (4)

2.10 Yann kon nie met eerlikheid sê dat hy aan die begin van die vakansie bygedra het om die vakansie lekker te maak nie.

Motiveer die stelling deur te verwys na wat hy aan die begin van die vakansie gedoen het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.11 Vergelyk Margot en Gavin se invloed op Hanna. Watter ooreenkoms sien jy raak? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

"Lyk my ou Hanna heks is toe ook betower," terg sy.
"My naam is nie Hanna Heks nie," sê ek met my neus in die lug. "Ook nie Hanna Hoekom nie. Van nou af kan julle my Fabulous Fabienne noem."

"So 'n bekkie moet mos botter kry," sê Gavin en drapeer sy arm oor my skouer.

Miskien verbeel ek my. Maar ek kan sweer hy kyk met vaderlike trots na my.

Dan sien hy dat Yann kop onderstebo na 'n struik staan en skop, terwyl Amos met 'n verwese uitdrukking oor Patat se wollerige lyf vryf, en hy klap sy hande vasberade saam.

"Hoe gaan daardie gesegde nou weer?" vra hy terwyl die helikopter al hoe kleiner word in die helderblou lug. "Die een van die kat wat weggaan?"

"As die kat weg is," sê Amos met 'n skewe kop, "is die muis baas?"

"O nee, dis gans te outyds!" roep Gavin kamstig geskok uit. "Ons glo mos nie in base en klase nie! Ons wil nie 'n rewolusie stook nie, ons wil net 'n bietjie pret hê!"

Nou verloor Yann darem belangstelling in die struik voor sy voete. Gavin se donker oë glinster, maar nie op 'n bewoë manier soos Margot s'n nie, baie meer stuitig. Amper sê ek duiwelagtig.

"Kom nader, kinders, dat oom Gavin vir julle die les van die dag kan leer. …"

2.12 Noem TWEE redes waarom Mana vir Hanna die naam Hanna Hoekom gegee het. (2)

2.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.13) neer.

Die rede waarom Sharon vroeër vir Hanna die bynaam Hanna Heks gegee het, was omdat Hanna ...

A tot aan die einde van die roman lelike dinge van Margot gesê het.
B nie haar jonger boeties en vir Yann kon verdra nie.
C jaloers op Sharon en Yann se vriendskap was.
D glad nie deur Margot beïndruk kon word nie. (1)

2.14 Wat bedoel Sharon met die volgende vetgedrukte woorde?

"Lyk my ou Hanna Heks **is** toe ook **betower**," terg sy. (Reël 1) (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.15 Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.15.1 tot 2.15.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.15.1 | Margot het dikwels net aan haar eie gemak gedink. | A | Almal in die huis het gedink Margot was 'n heldin. |
| 2.15.2 | Margot het ontsteld in haar kamer gaan sit ná die nuus dat hulle vasgekeer was. | B | Margot het 'n klein rolletjie in 'n TV-reeks gekry. |
| 2.15.3 | Mana se baba is onverwags gebore. | C | Hanna het na Margot as die koningin verwys. |
| 2.15.4 | Sharon se pa het opgedaag om die gesin op die berg te red. | D | Yann en Amos het agtergebly met die belofte dat hulle gou weer hulle ma sou sien. |
| | | E | Gavin het die geleentheid gebruik om vir Margot te verduidelik dat sy net haarself moes wees. |

(4 x 1) (4)

2.16 Margot was Yann en Amos se ma.

Som Yann en sy ma se verhouding op.

2.16.1 Hoe het die verhouding tussen die twee karakters deur die loop van die roman verander? (1)

2.16.2 Gee TWEE bewyse om jou antwoord op VRAAG 2.16.1 te motiveer. (2)

2.17 Daar is 'n paar temas in hierdie roman, byvoorbeeld:

- Aanvaarding
- Proefbuisbabas
- Homoseksualiteit

2.17.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste aan die einde van die roman na vore? (1)

2.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.17.1 deur na Hanna te verwys. (1)

2.18 Lees reëls 12 tot 18.

2.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

In hierdie gedeelte sien ons hoe Gavin dit regkry om (die kinders op te beur/vir die kinders idiome te leer). (1)

2.18.2 Motiveer jou antwoord deur te verwys na wat net ná hierdie uittreksel gebeur het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.19 Dink aan die volgende karakters of groep karakters in die roman:

- Amos en Tibo
- Sharon
- Mana

Watter karakter of groep karakters, dink jy, het vir Hanna daardie vakansie op die berg die meeste geïrriteer? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter(s) gedoen het en HOEKOM daardie aksie(s) vir Hanna so irriterend was. (2)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

... het Jannerik na sy kaptein se gesig gekyk en gesien hoe die groot man aan't breek was.

"Wat help dit! Hier sal in elk geval nie 'n boot kan inkom nie!"

"Toemaar, kaptein. Dis nie ons weë nie. Die Here sal voorsien."

"Ek hoop jou geloof is groot genoeg vir ons almal, Jannerik."

"Hy's groot, kaptein," en sy ou gesig het stilgeword in die lig van die vuur. "Baie groot."

Hulle is terug kombuis toe. Ryna het gebukkend by die tafel gestaan. Sy was besig om mond-tot-mond asemhaling op die ou babatjie toe te pas. Sy't orent gekom. Ag nee! Ag ... Here, nee!

Sy't die kind opgetel en hartverskeurend begin huil. Sy't na Jacob gekyk waar hy by die deur vasgenael bly staan het en haar oë het van die ergste vertel. "Jacob ..."

Hy't die kind uit haar arms geneem. Hy het die kombersie van die koppie afgetrek en wanhopig na die stil gesiggie gekyk. En sy oor teen die mondjie gedruk en sy kop geskud.

En toe het Kinnie se kind 'n skree-geluidjie in die bruin sak gegee.

Daar was meteens 'n heilige stilte tussen die drie mense in die kombuis op Meeuland.

*Ons het woordeloos na mekaar gekyk. Jacob en Jannerik en ek. En die een het geweet wat die ander dink. Ons het kontrak geteken sonder pen of papier.*

3.1 Daar is hoofsaaklik twee ruimtes waarin die verhaal aan die begin afspeel.

In watter ruimte het Janka van kleins af tuis gevoel? (1)

3.2 Ousanna het Jannerik Salamanderbaai toe laat kom.

3.2.1 Wie op Meeuland het vir Jannerik Ousanna se boodskap gegee? (1)

3.2.2 Watter nuus het Ousanna vir Jannerik gehad toe hy by haar huis aangekom het? (1)

3.3 Waarom is die gebruik van die ellips in reëls 10 en 13 so gepas? (1)

3.4 "*Ons het kontrak geteken sonder pen of papier*." (Reël 21)

3.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde dui aan dat die drie (saamgestem het dat/getwyfel het of) hulle die regte ding gedoen het. (1)

3.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.4.1 deur die betekenis van "kontrak" en "sonder pen of papier" te verduidelik. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.5 "Wat help dit! Hier sal in elk geval nie 'n boot kan inkom nie!" (Reël 3)

3.5.1 Gee EEN woord om die toon/manier waarop Jacob hierdie woorde gesê het, te beskryf. (1)

3.5.2 Verduidelik waarom 'n mens kan verstaan waarom Jacob daardie woorde op daardie stadium só uitgespreek het. (1)

3.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.6) neer.

Jacob het meer as een keer vir Elsabet gesê dat hulle kind 'n regte Meeulandertjie gaan wees.

Hy was reg, want toe Janka groter was, het sy ...

A daarna uitgesien om skool toe te gaan.
B graag by Elsabet op die wal gaan kuier.
C 'n groot liefde vir pikkewyne ontwikkel.
D gesukkel om met die burgerbandradio te werk. (1)

3.7 Waarom was dit beter dat Fred nie moes weet dat hy Janka se biologiese pa was nie? (1)

3.8 Elsabet het vir Janka op die eiland gelos omdat sy vir Jacob wou straf.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.9 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Janka het by Ryna in Ousanna se huisie gaan bly.
- Ryna het ontdek wie Janka se biologiese pa was.
- Janka is raakgeskiet.
- Janka moes wal toe gaan vir Elsabet se begrafnis. (4)

3.10 Jacob het nie rede gehad om skuldig te voel omdat Janka geskiet is nie.

Motiveer die stelling deur te verwys na die gebeure daardie aand toe Janka seergekry het. (1)

3.11 Vergelyk Janka en Ronnie se invloed op Ryna se lewe. Watter ooreenkoms sien jy raak? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

Tot Bernard het op die laaste nipper by die jaart ingestap gekom met 'n videokamera om die koms af te neem. Hy't by die ander jonges gaan sit.

Hansie staan in die agterdeur en kyk na die vrolike werf. Laat dit vrolik wees vandag, dink sy, want heidenland, daar lê gesweerd swaar tye voor vir Jacob. Sy kyk na Daniel wat tog nie sy twee hande van die mooie Tamara kan afhou nie. Sy kyk na Donovan, wat met wit tande lag wanneer Bernard hom afneem. Sy kyk na Jannerik wat in sy kerkpak rondstaan en net oë het vir die hek. Wat gaan tog van hom word? wonder sy. Hy's al van gister af met al sy goed op die wal, voorlopig glo by die Bindemans. En sy kyk na Jacob wat daar eenkant by die draad staan en sy oë skrefies teen die son trek. Hy moet Maandag terug eiland toe, want hy moet nog maanduit bly vir die laaste reëlings. Ag, my kind, dink sy, Ma sal vir jou 'n bietjie roly poly-poeding saamstuur, so by so vir die laaste.

Sy staan nog so toe die kar in die straat toet en stadig ingery kom. Op een manier het sy so gehoop Ryna kom ook, maar dis net die twee van hulle voor in die spoggerige kar: Fred en Pikkewyntjie langs hom.

3.12 Watter TWEE dinge het almal verras toe Jacob vir Janka uit die motor tel? (2)

3.13 Wat bedoel ant Hansie met die volgende vetgedrukte woorde?

"... daar lê gesweerd **swaar tye** voor vir Jacob." (Reël 5) (2)

3.14 Kies die direkte gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.14.1 tot 3.14.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.14.1 | Veronica Kuiper se besoek aan die Blanckenbergs se woning was onverwags. | A | Jannerik het vir Janka in 'n bruin sak Meeuland toe geneem. |
| 3.14.2 | Skalla het sy kennis van Veronica Kuiper se dilemma slim gebruik. | B | Ryna het uitgevind wie Janka se biologiese pa was. |
| 3.14.3 | Ousanna het haar huisie verkoop en dit moes opgeknap word. | C | Fred moes die seegraskonsessie afteken. |
| | | D | Sheila het selfdood gepleeg. |
| 3.14.4 | Die kreefstelery naby Meeuland het lelik skeefgeloop. | E | Jacob het wraak gesweer na Janka se ongeluk. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.15) neer.

Die rede waarom Ryna nie ook daar was om Janka terug te verwelkom nie, was omdat sy ...

A die dekor van Salamanderbaai se konsert moes voltooi.
B besluit het om Kaap toe te gaan om alleen te wees.
C bang was Jacob hoor sy het hulle geheim verklap.
D vir Attie na die lughawe in die Kaap moes neem. (1)

3.16 Ryna en Jacob het mekaar op Meeuland ontmoet.

Som Ryna en Jacob se verhouding op.

3.16.1 Hoe het die verhouding tussen die twee karakters deur die loop van die roman verander? (1)

3.16.2 Gee TWEE bewyse om jou antwoord op VRAAG 3.16.1 te motiveer. (2)

3.17 Daar is 'n paar temas in hierdie drama, byvoorbeeld:

- Die mens moet die natuur bewaar
- Die mens se soeke na persoonlike vervulling
- Geheime het 'n groot invloed op die mens se lewe

3.17.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in die gebeure rondom Janka na vore? (1)

3.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.17.1 en verwys slegs na Janka se geboorte. (1)

3.18 Ant Hansie het gehoop dat Ryna ook daar sou wees as Janka huis toe kom.

3.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Tydens die eerste ontmoeting tussen ant Hansie en Ryna kon 'n mens sien dat Ryna vir ant Hansie (verstaan het/vies was oor Jacob se ongeskikte houding). (1)

3.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.18.1 met 'n feit uit die roman. (1)

3.19 Dink aan die volgende karakters in die roman:

- Bernard Blanckenberg
- Skalla Blanckenberg
- Fred Blanckenberg

Watter karakter, dink jy, het reg van die begin af die grootste **negatiewe** invloed op Janka se lewe gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter gedoen het en HOE daardie aksie Janka se lewe negatief beïnvloed het. (2)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

... dan Lien met háár sakkie *halfprice* en haar rooi sportsak. *Shopping* gedoen.

Weer die Volvo. Hulle kom elke middag hierlangs. Sproet met Sproetjie op die agterste sitplek. Hy gaan haal haar seker iewers by 'n kleuterskool, vermoed Lien. Sproet groet soos gewoonlik vriendelik, terwyl hy glimlag en stip na haar kyk.

"Britney, sê vir die tannie met die lelike skoene ek gaan 'n boetie kry." Soos gewoonlik ignoreer Lien die klein snip.

Sproet gee weer, baie. Lien vat die geld ongemaklik.

Sy word stadig Weird Maria. Dit word 'n reis na verre bestemmings om twee maal 'n week iemand anders te word, iemand wat sy begin verstaan. Dis *weird*, maar sy begin van Weird Maria hou. Sy is anders as die karakter, maar hulle voel nogal dieselfde oor goed. Sy wonder ook soos Maria oor dinge en wat dit alles nou eintlik beteken.

Sy stap ingedagte hysbak toe nadat Joe haar voor die woonstel afgelaai het.

Haar ma sit met die oorfone en 'n koffiebeker op die sitkamermat. Sy skud haar kop heen en weer op maat van die musiek. Haar oë is toe en haar gesig is effens rooi.

'n Yskoue hand klou aan Lien se hart. Sy bly by die deur staan en hou haar ma dop. Haar ma se oë is toe. Lien stap stadig nader, haar oë vasgenael op die koffiebeker. ... Dis DIT!

4.1 Gee die naam van die stad waar hierdie roman afspeel. (1)

4.2 Lien het nie dadelik begin bedel om geld te verdien nie.

4.2.1 Wie (gee die naam) het vir Lien gehelp om die werk by tant Malie te kry? (1)

4.2.2 Hoekom wou Lien later nie meer by tant Malie werk nie? (1)

4.3 Waarom is die gebruik van Engelse woorde in hierdie uittreksel en in die res van die roman gepas? (1)

4.4 "Dis DIT!" (Reël 20)

4.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien se reaksie toe sy haar ma sien, het vir ons gewys dat sy (vrede gemaak het met /teleurgesteld was oor) wat sy daar in die sitkamer gesien het. (1)

4.4.2 Verduidelik waarom Lien so gereageer het. (1)

Kopiereg voorbehou 

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.5 "Sproet gee weer, baie." (Reël 8)

Dit was nie die laaste keer dat Sproet vir Lien baie geld aangebied het nie.

4.5.1 Gee EEN woord om te beskryf hoe Lien die laaste keer gevoel het toe Sproet ook vir haar baie geld aangebied het. (1)

4.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.5.1 deur te verduidelik wat Sproet se doel was toe hy vir Lien die geld aangebied het. (1)

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6) neer.

Dis duidelik dat Lien gesukkel het om haar omstandighede te aanvaar. Dis waarom sy een middag ...

A met Kuifie gaan gesels het oor haar ma se drankprobleem.
B verskonings gesoek het om nie by Miemie te gaan kuier nie.
C vir die oudisie by die skool opgedaag het.
D 'n bus na haar ou adres gehaal het. (1)

4.7 Lien het nie met die leerders by die skool gemeng nie.

Waarom was dit dan goed dat sy en Sally Swanepoel gedurende 'n pouse mekaar in die badkamer raakgeloop het?
(Wenk: Konsentreer op Sally se woorde.) (1)

4.8 Lien se doel met die ekstra werk wat sy gedoen het was *net* om geld te verdien om die huis te verlaat.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

4.9 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lien se ma is vir winkeldiefstal gevang.
- Tibbey en Roos het vir Lien geleer hoe om op straat as bedelaar te oorleef.
- Lien het 'n pruik en 'n brilletjie in die rekwisietekamer gekry.
- Lien se dronk ma het vir haar en Braam by die skoolhek in die skande gesteek. (4)

4.10 Braam kon nie met eerlikheid sê dat hy vir Lien ondersteun het gedurende die twee jaar dat hulle so swaargekry het nie.

Motiveer die stelling deur na wat Braam gedurende daardie twee jaar gedoen/nie gedoen het nie, te verwys. (1)

4.11 Vergelyk tannie Bets se rol in Lien se lewe met Lien se rol in Tibbey se lewe ná sy ongeluk. Watter ooreenkoms sien jy raak? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

Die gordyn gaan oop en die gehoor begin klap. Die saal se ligte verdoof. Lien word hoendervleis. Sy wil op hierdie oomblik nêrens anders wees nie.

Hoewel daar hier en daar iets kleins verkeerd loop, soos Christiaan wat sy woorde vergeet en Miemie wat onbepland 'n paar dramatiese veë reg voor die gehoor vee met haar besem wat iewers die veestuk verloor het, verloop hulle eerste regte optrede vlot. Toe die gordyn vir die laaste keer sak en die gehoor hande klap, is juffrou Breytenbach in ekstase. Sy kan nie 'n woord uitkry nie, maar haar gesig gloei. Die akteurs wens mekaar geluk en doen 'n paar *high fives*. Lien voel of sy vlieg. Is dit die hemel?

Nadat sy Weird Maria se klere uitgetrek het, staan sy nog 'n rukkie alleen op die verhoog. Sy loer deur die skrefie van die gordyn. Die Verbruikerstudieleerders het uitgehang. Die kos lyk stunning en die saal lyk glad nie soos die saal waar hulle Maandagoggende verveeld in rye na ou Uil moet luister nie.

Die gaste staan in groepies rond met glasies wyn en borde eetgoed. Mathilda Hanekom speel hysbakmusiek op die Steinway reg voor die verhoog. Die saal se hoofligte is af en kerse staan orals op die tafels. Juffrou Breytenbach, die geurtjie van die oomblik, dartel met 'n glasie wyn in die hand van groepie tot groepie ...

4.12 Noem TWEE besluite wat Lien ná hierdie opvoering oor die res van haar matriekjaar en haar lewe verder geneem het. (2)

4.13 Wat bedoel die spreker met die volgende vetgedrukte woorde?

"Lien voel of sy **vlieg**. Is dit die **hemel**?" (Reël 8 en 9). (2)

4.14 Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.14.1 tot 4.14.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.14.1 | Tibbey het die gebruik van sy bene verloor. | A | Lien het besef dat Braam ook sukkel om hul omstandighede te verwerk. |
| 4.14.2 | Lien het baie geld verdien deur te bedel. | B | Kuifie het agtergekom hoe Lien haar geld verdien. |
| 4.14.3 | Lien se pruik het afgewaai. | C | Lien het besef dat sy op Hein kon staatmaak. |
| 4.14.4 | Lien het die video gesien waarin haar pa se vonnis aangekondig is. | D | Lien kon nie Donovan se aanbod aanvaar om weer vir hulle te gaan werk nie. |
| | | E | Lien en Miemie het goeie vriende geword. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.15) neer.

Uiteindelik het Lien tog ingestem om weer vir Donovan en Dirkie te gaan werk omdat ...

A hulle vir Sue-Ellen gevra het om te gaan.
B die kerk sou help om Lien-hulle se uitgawes te dek.
C Braam sportklere en 'n haarsny dringend nodig gehad het.
D Lien die geld nodig gehad het om vir Tibbey se karretjie te betaal. (1)

4.16 Lien en Wouter het mekaar by hulle nuwe skool ontmoet.

Som Lien en Wouter se verhouding aan die begin van die roman op.

4.16.1 Hoe was die verhouding tussen die twee karakters aan die begin van die roman? (1)

4.16.2 Gee TWEE bewyse om jou antwoord op VRAAG 4.16.1 te motiveer. (2)

4.17 Daar is 'n paar temas in hierdie roman, byvoorbeeld:

- Verlies
- Geld
- Oorwinning

4.17.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in hierdie uittreksel en voorlaaste hoofstuk na vore? (1)

4.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.17.1 en konsentreer op Lien. (1)

4.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

4.18.1 Tydens hierdie konsert sien ons dat Lien besluit het om (van haar ou lewe as bedelaar te vergeet/nie skaam vir haar ou lewe as bedelaar te wees nie). (1)

4.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.18 1 deur net na die gebeure rondom die konsert te verwys. (1)

4.19 Dink aan die volgende karakters in die verhaal:

- Lien se pa
- Kuifie
- Tant Malie

Watter karakter, dink jy, het van die begin van die roman af die grootste **negatiewe** invloed op Lien se lewe gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter gedoen het en HOE daardie aksie Lien se lewe negatief beïnvloed het. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

POPPIE. Dan moet Katie uit die skool uit bly en my bybie oppas, Mama. Soos ek Mama se bybie opgepas het.
HOEDJIE. Poppie het "sleep-in" werk by 'n kwekery gekry. Die vrou het nie veel betaal nie, ses pond in die maand. Die werk was swaar. Daar was nege mense in die huis, die man en die vrou en die vrou se suster en haar baba en nog vyf kinders.
POPPIE. Sondagmiddae en Donderdagmiddae het ek afgegaan. Maar Constansie is so ver, as ek in die lokasie kom, is die son al mooi onder. Net 'n halfuurtjie, dan moet ons loop.

*Poppie kom by die kamer in. Mama kook kos, die ander sit om haar. Katie speel met Bonsile op die vloer. Poppie tel die kind op, sit die sak neer wat sy gedra het.*

MAMA (*roep by kombuisdeur*). Skoonseun! (*Draai om na Poppie.*) Hy wag al vir jou vandat hy uit die werk gekom het.
POPPIE. Het hy dan werk gekry? Hoe hy ook al sukkel, hy kan mos g'n permit kry nie.
(*Stone kom binne, Poppie gaan staan by hom. Mama skink tee*.) Waar is Mosie, Mama?
MAMA. Hy sing vanaand. Die kerk-group het hom kom vra om te sing.
POPPIE (*ken nie die gevoel wat in haar hart kom nie*). Sê vir hom hy kan vir my part ook sing.
MAMA. Hauk! Wat het jy dan nou teen Mosie?

5.1 Gee die naam van die plek in die Kaap waar hierdie uittreksel afspeel. (1)

5.2 "POPPIE. Dan moet Katie uit die skool uit bly en my bybie oppas, Mama. Soos ek Mama se bybie opgepas het." (Reël 1 en 2)

5.2.1 Sê waarom Poppie Mama se baba moes oppas. (1)

5.2.2 Hoe weet ons dat Poppie daardie tyd daarna verlang het om skool toe te gaan? (1)

5.3 "*Poppie kom by die kamer in. Mama kook kos, die ander sit om haar. Katie speel met Bonsile op die vloer.*" (Reël 9 en 10)

Waarom is hierdie toneelaanwysing so gepas? Konsentreer in jou antwoord op die gevoel wat hierdie toneelaanwysing oordra. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.4 "Het hy dan werk gekry?" (Reël 13)

5.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Uit hierdie vraag van Poppie lei ons af dat Poppie (verbaas/ontevrede) was om te hoor dat Stone werk gekry het. (1)

5.4.2 Verduidelik waarom Poppie só, op die nuus dat Stone werk gekry het, gereageer het. (1)

5.5 "Sê vir hom hy kan vir my part ook sing." (Reël 18 en 19)

5.5.1 Gee EEN woord om die toon/manier waarop Poppie hierdie woorde gesê het, te beskryf. (1)

5.5.2 Verduidelik waarom Poppie hierdie woorde op só 'n manier gesê het. (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.6) neer.

Dis duidelik dat Stone nie kon kies watter soort werk hy in die Kaap wou doen nie. Dit was waarom hy …

A die kontrakwerk by die melkery aanvaar het.
B besluit het om by Mama en Mbatane te kom woon.
C saam met Poppie per bus na Constansie toe gery het.
D niks gesê het as Poppie 'n halfuur na haar tuiskoms weer moes loop nie. (1)

5.7 Waarom was dit nodig dat Poppie elke keer "extension" (uitstel) moes gaan vra om in die Kaap te kon bly en werk? (1)

5.8 Sê waarom die volgende stelling WAAR is.

Dit was nie goed vir die kinders om die "strike" (staking) van 1960 te sien nie. (1)

5.9 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Poppie en Stone moes "damage-geld" betaal.
- Die "strike" was verby.
- Poppie moes kies waar in die Ciskei sy wou gaan woon.
- Stone is vir die eerste keer in die hospitaal opgeneem. (4)

5.10 Poppie kon tevrede voel dat sy genoeg vir haar kinders gedoen het terwyl haar man nog geleef het.

Motiveer die stelling deur te verwys na wat Poppie gedoen het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.11 As ons die rolle van Stone en Poppie se pa in die lewens van hulle vrouens/gesinne vergelyk, is daar 'n groot verskil.

Hoe was Stone anders as Poppie se pa? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

MRS SWANEPOEL. … Maar as ons deur die hele affêre gaan om die pas reg te maak en jou op my naam te registreer, dan moet jy nou nie gaan staan en pregnant raak nie. Miss Suzie kom andermaand met die baba, dan het ek jou nodig. (*Pouse.*) Of is jy klaar pregnant?
POPPIE (*sag*). Nee. Ek is nie pregnant nie. Madam. Ek is afgebind.
HOEDJIE. Toe Poppie haar pas terugkry, toe staan daarop geskrywe: "No objection". Sy moes net elke ses maande Observatory toe gaan om die stempel te kry.
POPPIE. Bhuti, kyk hier.
MOSIE. Dis wat jy lankal moes gedoen het, Sisi. Net by government-mense gaan werk het, cause why, hulle hou van hulle comfort.
JAKKIE. As dit die witmense pas, dan tel die wet nie.
MAMA (*stoot Jakkie weg*). Dis goed, Poppie, dat jy huis toe kan kom na ons toe sonder die bang dat jy op die bus of in die strate gevang sal word. En as jy altyd by die Mrs Swanepoel moet bly om die pas te hou, dan moet jy maar bly.

*Jakkie staan uitdagend, gebruik 'n Xhosa-kragwoord. Poppie en Mama draai na hom.*

POPPIE. Is jy kwaad vir my, Jakkie? Oor die pas?
JAKKIE. Hoe kan ek vir jou kwaad wees, Sisi? Ek is kwaad vir die wet.
MOSIE. Dis nou twee jaar dat Poppie laas haar kinders gesien het. Toe Mrs Swanepoel met Kersfees na haar dogter gaan, gee sy vir Poppie ook af.

5.12 Watter TWEE plekke/dorpe het Poppie eerste besoek nadat Mrs Swanepoel haar afgegee het? Gee die KORREKTE volgorde van die besoeke. (2)

5.13 Wat bedoel die spreker met die volgende vetgedrukte woorde wat op Poppie se pas gestaan het?

"**No objection**" (Reël 6 en 7) (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.14 Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.14.1 tot 5.14.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 5.14.1 Poppie het 'n telegram ontvang. | A Poppie het besluit om sonder 'n pas in die Kaap te bly en te werk. |
| 5.14.2 Poppie moes alleen verantwoordelikheid vir haar kinders aanvaar. | B Bonsile kon werk kry by die eienaar van die garage. |
| 5.14.3 Poppie het 'n diep skaamte gevoel dat bloed van haar bloed soos 'n weggooikind moes grootword. | C Poppie en haar kinders het Kaap toe gegaan vir Stone se begrafnis. |
| 5.14.4 Soweto se probleme het oorgespoel Kaap toe. | D Mama het probeer om haar kinders van die straat af te hou. |
| | E Poppie het vir Fezi by Bonsile laat agterbly. |

(4 x 1) (4)

5.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.15) neer.

Volgens Jakkie was die rede waarom hy saam met die kinders by die opstande betrokke geraak het, omdat hy …

A nog self op skool was.
B niks van die Nylons gehou het nie.
C begin drink het en gedurig dronk was.
D namens sy familie, wat al moeg was, baklei het. (1)

5.16 Jakkie was een van Poppie se jonger broers.

Som Poppie en Jakkie se verhouding, toe Jakkie nog klein was, op.

5.16.1 Hoe was die verhouding tussen die twee karakters toe Jakkie nog klein was? (1)

5.16.2 Gee TWEE bewyse om jou antwoord op VRAAG 5.16.1 te motiveer. (2)

5.17 Daar is 'n paar temas in hierdie drama, byvoorbeeld:

- Moederliefde
- Die mens se uithouvermoë
- Die vernietiging van die gesinslewe deur onmenslike sisteme

5.17.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in hierdie uittreksel na vore? (1)

5.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.17.1. Konsentreer op die kern van die uittreksel. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

5.18.1 Tydens die onluste van 1976 het Vukile gesterf toe hy deur 'n dwaalklip getref is. Poppie het besef dat ('n mens nie teen God se wil kon rebelleer nie/daar geen hoop in die lewe was nie). (1)

5.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.18 1 deur net na die gebeure rondom die slot van die drama te verwys. (1)

5.19 Dink aan die volgende karakters in die drama:

- Ma Lena
- Mosie
- Jakkie

Watter karakter, dink jy, het die grootste **negatiewe** invloed op Poppie se lewe gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter gedoen het en HOE daardie aksie Poppie se lewe negatief beïnvloed het. (2)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

> 17. Dis laatmiddag. Hendrik en Nollie sit op twee afgeleefde Morris-stoele op die voorstoep. Tussen hulle op die kassie lê 'n pak plate en êrens speel musiek. Dis Tino Rossi – hy sing "Somewhere in France with you".
>
> Hendrik is besig om deur die plate te kyk.
>
> Hendrik se kar staan voor die stoep. Met die kap oop en een agterwiel af. Die afgeleefde Cortina sal altyd iewers op die werf sigbaar wees. Altyd met die een of ander wiel af; altyd met die kap oop. Daar word altyd aan hom gewerk.
>
> HENDRIK: Man, ja-nee wragtig, hierdie keer het jy 'n bakgat staweltjie saamgebring.
> NOLLIE: (*hou 'n plaat tussen sy vingertoppe vas*): Die een het my pa nog voor hulle troue vir my ma gekoop.
> HENDRIK (*vat die plaat by hom en kyk*): Ha! Joseph Schmidt! (*Hy sing.*) Gern hat ich die Fraülein geküst …! (*Klein Willem sit op die stoeptrappie. Hy sit net voor hom en uitkyk. Hy hoor niks; hy sien niks.*) Maar ek hou meer van ou Tino. (*Hendrik beduie met sy duim oor sy skouer na die kant toe waarvandaan die musiek kom.*) Hy laat enige wysie mooi klink. (*Hy luister 'n paar oomblikke en sing dan die laaste reël saam met Rossi.)* Somewhere in France with you … *(Terwyl hy homself vaagweg met een vinger begelei. Wanneer die musiek klaar is, sit hy agteroor.)* Ek wonder darem hoe is al ...

6.1 Waar het Hendrik McDonald en sy gesin gewoon? (1)

6.2 Nollie het eintlik vir Emma kom kuier.

6.2.1 Hoe het Hendrik oor 'n verhouding tussen Nollie en Emma gevoel? (1)

6.2.2 Wat was Emma se opinie oor 'n verhouding of oor trou? (1)

6.3 Lees reëls 5 tot 7.

Waarom is hierdie beskrywing so gepas as ons aan die tema van hierdie drama dink? (1)

6.4 "(*Klein Willem sit op die stoeptrappie. Hy sit net voor hom en uitkyk. Hy hoor niks; hy sien niks.*)" (Reël 13 en 14)

6.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie toneelaanwysing wys dat Willem (siek was/nie die lewe geniet het nie). (1)

6.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.4.1 deur te verwys na Oudokter se woorde toe Hendrik vir Willem dokter toe gevat het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.5 Hendrik het saam met Tino Rossi gesing en die titel van Joseph Schmidt se liedjie hardop gesê. (Reëls 12 en 13)

6.5.1 Gee EEN woord wat die toon in hierdie liedjies beskryf. (1)

6.5.2 Sê hoe Hendrik en Katrien se verhouding verskil het van wat hierdie liedjies voorgestel het. (1)

6.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.6) neer.

Dis duidelik dat die McDonald-gesin se verhoudings met mekaar tog op 'n stadium gesond was. Dit lei ons af uit die feit dat Hendrik …

A nie vies was toe Nollie vertel het hoe hy Emma raakgery het nie.
B vertel het hoe Katrien vir Emma leer klavier speel het.
C al die liedjies wat Nollie gespeel het, se woorde geken het.
D en Nollie so gesellig saam gedrink het. (1)

6.7 Waarom was dit verkeerd van Hendrik om die sirkusmense onvriendelik te behandel? (1)

6.8 Hendrik het die ongemaklike atmosfeer tussen Nollie en Emma net vererger.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.9 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Willem het begin toertjies doen.
- Manuel het vir Willem geleer dat die lewe te kort vir trane is.
- Hendrik en Katrien het langs die pad baklei.
- Hendrik het vir Emma teen die sirkusmense gewaarsku. (4)

6.10 Hendrik en Katrien kon tevrede voel ná hul gesprek die aand toe Willem weggeraak het.

Motiveer die stelling deur na die inhoud van dié gesprek te verwys. (1)

6.11 Waarom kan Manuel se invloed in die drama met paljas vergelyk word? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS L**

HENDRIK: ... *(Op die agtergrond kom Katrien vervaard aangehardloop. Maar sy steek nou vas. Hendrik kyk in die rigting waarin sy kyk. Dis Willem wat twintig tree agter Hendrik staan.)* Willem. Swernoot. Kom hier. (*En dan vinnig tot Jan Mol terwyl hy die geweer weer effens lig.)* Roer net. Roer net. Ek is al lankal lus vir jou. *(Tot Willem).* Willem, kom hierso. *(Willem begin stadig nader kom. Dit lyk of hy in sy slaap loop.)* Toe, maak gou. Ons het nie heeldag tyd nie. *(Maar Willem laat hom nie aanjaag nie.)* Katrina, bly waar jy is. *(Willem kom tot by Hendrik*.) Wie's dit dié?

Willem kyk af; kyk vir sy pa.
Van die huis se kant af kom Nollie ook nou aangedraf met Emma 'n entjie agter hom.

WILLEM: Manuel
HENDRIK: Wat maak hy hier?
WILLEM: Hy's my maat?

Hendrik kyk vir Jan Mol. Dan gooi hy vir hom die geweer.

HENDRIK: Dè, vat julle speelgoed.

Hy buk en tel Manuel op. Die nar hang slap in sy arms. Daar loop bloed oral van hom af. Katrien is nou ook by hulle. En Nollie. En Emma.

NOLLIE: Gee. Ek sal hom vat.
HENDRIK: Toe maar. *(Hy draai om en begin loop.)* Kom, Willem.

Hulle stap huis toe. Hendrik in die middel met Manuel in sy arms. Weerskante van hom Willem en Katrien, en Emma en Nollie.
Jan Mol tel Sakkie se geweer op.

6.12 Watter TWEE dinge het Hendrik in hierdie uittreksel anders gedoen as wat ons van hom verwag? (2)

6.13 Wat bedoel Hendrik met die volgende vetgedrukte woorde?

"Ek is al **lankal lus** vir jou." (Reël 4) (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.14 Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.14.1 tot 6.14.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.14.1 Willem was baie beïndruk met die nar. | A Die nar se klere op die wasgoeddraad is vol gate geskiet. |
| 6.14.2 Die dominee het verduidelik dat dit satanisties is om tekens teen mure te krap en jou gesig te verf. | B Hendrik-hulle se rustige Sondagmiddag is versteur. |
| 6.14.3 Manuel is deur die kerkmense uit die dorp verjaag. | C Katrien moes vir Willem 'n narrepak maak. |
| 6.14.4 Jan Mol-hulle het nie daarvan gehou dat die McDonalds die nar versorg nie. | D Hendrik het nooit van die nar se bestaan geweet nie. |
| | E Manuel het besluit om kerk toe te gaan. |

(4 x 1) (4)

6.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.15) neer.

Terwyl die McDonalds vir die Volstruisdans voorberei het, was die atmosfeer in die huis …

A baie ongemaklik.
B baie gespanne.
C soos gewoonlik.
D lekker ontspanne. (1)

6.16 Hendrik en Katrien het probleme in hulle huwelik gehad.

Som die verhouding tussen Hendrik en Katrien aan die einde van die drama op.

6.16.1 Hoe was die verhouding tussen die twee karakters aan die einde van die drama? (1)

6.16.2 Gee TWEE bewyse om jou antwoord op VRAAG 6.16.1 te motiveer. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.17 Daar is 'n paar temas in hierdie drama, byvoorbeeld:

- Onverdraagsaamheid
- Swak kommunikasie in gesinne
- Aanvaarding van mense se andersheid

6.17.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in Hendrik se optrede in reëls 14 tot 19 van hierdie uittreksel na vore? (1)

6.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.17.1 deur te verwys na wat Hendrik gedoen het. (1)

6.18 Beantwoord die volgende vrae.

6.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit was vir Hendrik-hulle gou duidelik dat hulle (welkom/onwelkom) by die Volstruisdans was. (1)

6.18.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.18.1 met 'n bewys uit die drama. (1)

6.19 Dink aan die volgende karakters in die drama:

- Oudokter
- Willem
- Frans

Watter karakter, dink jy, het die grootste **negatiewe** invloed op Hendrik se lewe gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter gedoen het en HOE daardie aksie Hendrik se lewe negatief beïnvloed het. (2)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

BENJAMIN *stralend op met sy skuitjie*.
BENJAMIN: Hy't tot onder in die vangdam gedryf. Ma! Ek moes 'n stok vat om hom uit te kry en hy't nie eers omgeslaan nie. Middag, baas – middag, baas.
*Die lange ruk bril af, die dikke se mond val oop. SELLING se hande rol al vinniger inmekaar.*
FIELA (*op band*): Here, vat dan alles wat ek het. Vat die hele lot, maar moenie vir Benjamin vat nie!
LANGE (*geskok*): Wie se kind is dit dié?
FIELA: Myne.
LANGE: Maar dis dan 'n *wit* kind!
FIELA: Hy's wit, ja.
DIKKE: En 'n dekselse mooi kind daarby. Wie se kind is dit?
FIELA: Dis Benjamin, my hanskind.
LANGE: Kom hier, seun.
FIELA: Los die kind. As julle te praat het, praat met my!
LANGE: Luister, vrou, jy weet net so goed soos ek dat hier iets baie vreemds aan die gang is. Dit kan nie jou kind wees nie, maar jy het hom staan en opgee as jou eie. Waar kom jy aan die kind?
FIELA: Dis my hanskind.
LANGE: Wat jy waar gekry het, vra ek jou.
FIELA: Waar kry jy hansgoed? Ek het hom gekry waar sy ma hom gelos het, dis waar ek hom gekry het.
LANGE: Waar was dit?
FIELA: Net daar waar baas nou sit.
LANGE: Wanneer?
FIELA: Amper nege jaar gelede. Middel van die nag.
DIKKE: Hy lyk ouer as nege.
FIELA: Hy is.
DIKKE: Hoe oud is hy?
FIELA: Ek weet nie, ek het hom so op drie geskat ...

7.1 Waar speel hierdie deel van die drama af? Gee die naam van die plek. (1)

7.2 Selling en Fiela het nie die sensusmanne verwag nie.

7.2.1 Wat het Selling gedink kom die twee manne doen? (1)

7.2.2 Wat het Fiela gedink kom die twee manne doen? (1)

7.3 "*Die lange ruk bril af …*" (Reël 4)

Waarom is hierdie toneelaanwysing so gepas? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.4 "Here, vat dan alles wat ek het. Vat die hele lot, maar moenie vir Benjamin vat nie!" (Reël 6 en 7)

7.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Fiela se gedagtes hier het vir ons gewys hoe (baie sy vir Benjamin omgegee het/kwaad sy vir die sensusmanne was). (1)

7.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.4.1 deur te verduidelik wat sy met "alles wat ek het" bedoel het. (1)

7.5 Lees reëls 16 tot 18.

7.5.1 Gee EEN woord om die toon/manier waarop Lange met Fiela gepraat het, te beskryf. (1)

7.5.2 Verduidelik waarom Lange gedink het dat dit reg was om op hierdie manier/toon met Fiela te praat. (1)

7.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.6) neer.

Dis duidelik dat Benjamin nie verstaan het wat in die hof gebeur het nie. Dit was waarom hy …

A aan die einde van die gebeure gevra het of die bosvrou klaar gekyk het sodat hy kon teruggaan.
B keer op keer die magistraat as "baas" in plaas van "weledele heer" aangespreek het.
C die hele tyd agter in die hof teen die muur gestaan het.
D sag op al die magistraat se vrae geantwoord het. (1)

7.7 Waarom was dit nodig dat Benjamin goed versorg moes lyk/reg moes optree voor die magistraat? (1)

7.8 Kort nadat Benjamin by die Van Rooyens aangekom het, het Nina al geweet dat sy vir Lukas met haar geheime kon vertrou.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.9 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Lukas het vir Nina Knysna toe geneem om daar te gaan werk.
- Die boswagter het kom verneem of Lukas aangepas het by sy nuwe gesin.
- Lukas het besluit om weg te loop van die Van Rooyens af.
- Fiela het Lukas se goedjies vir hom gebring. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.10 Fiela kon tevrede voel dat sy genoeg gedoen het om haar hanskind terug te kry.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na wat sy gedoen het. (1)

7.11 Vergelyk Miss Weatherbury se invloed op Nina se lewe en Fiela se invloed op Benjamin se lewe. Watter ooreenkoms sien jy raak? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

LUKAS: Dawid was my broer voordat ek geweet het Willem en Kristoffel is my broers.
NINA: Hoe kon hy jou broer gewees het? Hy was bruin.
LUKAS: Hy was nog altyd my broer.
*Doof ligte uit. Musiek. Ligte op.* FIELA *se werf.* FIELA *sit en naaldwerk doen.* SELLING *kom in en wil sit.*
FIELA: Loop, Selling, loop. *(Op band.)* Ná Dawid se dood wou hy nie weer op en die dokter het gesê sy bene sal heeltemal ingee.
SELLING: Ek het nou genoeg geloop, Fiela.
FIELA: Dis nie genoeg nie, dis nog maar een keer vangdam toe en jy moet drie keer loop. Die dokter het gesê ek moet kyk dat jy iedere dag jou bene laat loop.
SELLING: Fiela ... daar kom iemand in die onderste pad aan. Hy't ver geloop, mens kan sien.
FIELA: Ja, Selling. Kyk maar dat jy aan die loop bly. *(*SELLING *loop af.)* Arme Selling. *(Roep.)* Lig jou voete, Selling! Kittie kyk na die kos en ruik die pampoen. *(Pouse.)* Here? (Pouse.) Here? *(Op band.)* Here, dis 'n droom; ek gaan val en ek gaan wakker word. Dis nie waar nie. Moenie dat ek 'n ding sien wat nie waar is nie. *(*SELLING *en* LUKAS *op.)* Maar toe staan hy daar. Treë van my af. Benjamin. 'n Lange mooie man in vuil flenterklere, maar met 'n fierheid in sy bloue oë. En dis nie Benjamin my hanskind nie, ...

7.12 Watter TWEE dinge, behalwe sy flenterklere en die trots in sy blou oë, het Fiela dadelik raakgesien toe Benjamin voor haar gestaan het? (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.13 Wat bedoel Fiela met die volgende vetgedrukte woorde?

"... ek **gaan val** en ek gaan **wakker word**." (Reël 18) (2)

7.14 Kies die gevolg in KOLOM B om by die gebeure in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.14.1 tot 7.14.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.14.1 | Lukas het met Kaliel kennisgemaak. | A | Selling het flou geword. |
| 7.14.2 | Lukas het die boodskap gekry dat iemand uit die Lange Kloof hom kom soek het. | B | Barta moes erken dat sy die verkeerde kind gekies het. |
| 7.14.3 | Lukas se aankoms in die Lange Kloof was onverwags. | C | Lukas het besluit om na baie jare weer vir Fiela-hulle te gaan besoek. |
| 7.14.4 | Lukas is terugverwelkom in die Bos. | D | Tollie het in die tronk beland. |
| | | E | Lukas het die geleentheid gekry om naby die see te wees. |

(4 x 1) (4)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.15) neer.

Die rede waarom Fiela nog nie die Laghaanse se grond op Benjamin se naam gesit het nie, was omdat sy …

A gehoop het dat Tollie hom sou regruk.
B getwyfel het of Benjamin weer sou terugkom.
C geweet het dat mense sou praat oor haar optelkind.
D gedink het haar ander kinders sou nie van die idee gehou het nie. (1)

7.16 Die magistraat het Lukas aan die Van Rooyens gegee.

Som die verhouding tussen Lukas en Elias van Rooyen op.

7.16.1 Hoe was die verhouding tussen die twee karakters? (1)

7.16.2 Gee TWEE bewyse om jou antwoord op VRAAG 7.16.1 te motiveer. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.17 Daar is 'n paar temas in hierdie drama, byvoorbeeld:

- Die mens wat na sy identiteit soek
- Die samelewing wat 'n mens op grond van jou velkleur stereotipeer
- 'n Mens wat uitgelewer is aan die mag van ander mense wat jou lewe bepaal

7.17.1 Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in Nina en Benjamin se gesprek in die uittreksel en in Fiela en Benjamin se gesprek later oor die Laghaanse se grond na vore? (1)

7.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.17.1 deur te verwys na Fiela se besluit oor die Laghaanse se grond. (1)

7.18 In hierdie drama lees ons van Benjamin/Lukas se soeke na sy identiteit.

7.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Tydens sy besoek aan die Komoeties sien ons dat (Fiela se opinie oor dinge vir Lukas belangrik was/Lukas dit teen Fiela gehou het dat sy hom Knysna toe gestuur het). (1)

7.18.2 Motiveer jou antwoord met 'n voorbeeld uit gesprekke tydens hierdie besoek van Lukas aan die Komoeties. (1)

7.19 Dink aan die volgende karakters in die drama:

- Nina van Rooyen
- Barta van Rooyen
- Kaliel September

Watter karakter dink jy, het die grootste **negatiewe** invloed op Benjamin se lewe gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT die karakter gedoen het en HOE daardie aksie Benjamin se lewe negatief beïnvloed het. (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale uit die bundel wat jy bestudeer het.

### VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

**8.1 *"ROT IN 'N VAL"* – H du Plessis**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

Die mes val kletterend op die grond. Lerato versteen. Ek moet weg, ek moet uit na die motor toe, dink sy oor en oor, maar haar voete weier om die bevele van haar brein te gehoorsaam.

Angelina brabbel onsamehangend en Lerato se oë volg die rigting waarheen haar angstige hande vreesbevange beduie. Op die vloer sit Igundane, sy ogies glinsterend, sy kaal rotstert lig trillend.

Laat hy tog net so bly sit. Moenie laat Kuku, die kat, inkom nie, bid Lerato woordeloos.

As sy net by die mes en die telefoon kan uitkom.

Sy beweeg voetjie vir voetjie nader. Moenie skrik en wegskarrel nie, liefste Igundane, Igundane, bly net daar sit, my mooiste rotjie, hoe kon ek ooit dink jy's 'n aaklige rooi-oog dierasie.

Die rot roer en Lerato verstrak.

Onder in die gang beweeg 'n skaduwee. Kuku! Lerato se vingers sluit om die gladde hef. Die lang blink lem rinkel effens toe sy die mes vasvat en lig. Sy is by die telefoon. Die nommer, die nommer van die blitspatrollie, die polisie. Haar oë beangs op Angelina, begin sy skakel.

Die rot se snor wikkel onrustig en Kuku, snuiwend in die lug, groen oë glinsterend, smelt weg teen die muur. Hy het die rot gewaar.

"Ambulansdienste hier ... "

Lerato wil huil van teleurstelling. Wat makeer haar, hoe, hoe?

"Juffrou, luister mooi, juffrou, dis Lerato Pitsoane ..."

8.1.1 Waar speel hierdie deel van die kortverhaal af? Gee die naam van die voorstad of die straatnaam. (1)

8.1.2 Reeds van vroegoggend af was Lerato met rotte deurmekaar.

(a) Wat moes Lerato daardie oggend vir Penuel oor Igundane belowe? (1)

(b) Wat het Lerato vroegoggend by die winkel gesien wat haar laat gril het? (1)

8.1.3 Waarom is die verwysing na die kat (reël 8) in hierdie uittreksel so gepas? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.4 "Lerato versteen." (Reël 2)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hier wys die verteller vir ons dat Lerato (baie bang was/ skielik koud gekry het). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.4.(a) deur in jou EIE WOORDE te verduidelik wat met die aangehaalde sin bedoel word. (1)

8.1.5 "Moenie skrik en wegskarrel nie, liefste Igundane, Igundane, bly net daar sit, my mooiste rotjie, hoe kon ek ooit dink jy's 'n aaklige rooi-oog dierasie." (Reëls 11 tot 13)

(a) Gee EEN woord om die toon/manier waarop Lerato met Igundane in haar kop praat, te beskryf. (1)

(b) Sê waarom Lerato gedink het dat hierdie toon/manier van praat gepas was. (1)

8.1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.6) neer.

Lerato het nie gesien toe die polisie vir Angelina in hegtenis geneem het nie, want ...

A Lerato het sommer net daar flou geval.
B die ambulanspersoneel wou nie help nie.
C Groot Penuel het vir Lerato vinnig weggevat.
D Angela het vir Lerato met die skerp mes gesteek. (1)

8.1.7 Waarom was dit volgens Groot Penuel nodig om, na hierdie insident met Angelina, daardie omgewing te verlaat? (1)

8.1.8 Lerato was nie baie versigtig nie.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

8.1.9 Skryf die vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Angela het vir Lerato met die mes gedreig.
- Angelina het werk gesoek.
- Grace het nie vir werk opgedaag nie.
- Lerato het vir Angelina tee gemaak. (4)

8.1.10 Die Pitsoane-gesin kon tevrede wees met die polisie se optrede die dag toe Angelina vir Lerato wou beroof.

Motiveer hierdie stelling deur te verwys na wat die polisie gedoen het. (1)

8.1.11 Vergelyk Angelina met die rot in die titel. Wattter ooreenkoms sien jy raak? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2 ***"DIE WELDOENER"* – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

Gawie sit en wag dat die seun geleidelik uit sy newel terugkom. Hy dink daaraan vir hoeveel studente wat stemtoetse voor hom moes ondergaan, hy moes sê dat hulle nie goeie stemme het nie. Hoeveel van hulle het hulle al daarna gaan dronk drink, of heeltemal aan die drank oorgegee? Dit is een van die ergste pyne: as jy dink jy kan iets moois maak of iets moois goed vertolk, en hulle sê vir jou: jy het nie die vermoë nie. Hy weet: geen uitlag maak so seer nie soos die uitlag van jou talent, selfs al kom dit van die minderes ... dit is juis die skoothondjies wat jou hakskeen die maklikste bykom.

"Na watter konservatorium wou jy gaan?" vra Gawie.

Na die Werner Beck. Hy wóú, maar nou gaan hy nie meer nie.

Die seun is meer dronkgeslaan as dronk. Gawie kan hom nie vra om nou, hier in die donker, te sing nie. Hy wil graag hoor hoe die seun sing, hy wil hom graag help, hy sou graag vir hom wil sê: jy sing pragtig, jy hét dit. Maar hy het tog troos vir die seun: As hy hom saam met die troos op 'n bedekte manier na sy eie konservatorium toe nooi, kan hy vir hom iets doen.

"Meerderes lag nie vir minderes nie; die meerdere het medelye met die mindere ... "

8.2.1 Noem TWEE posisies wat Gawie by die Marin Marais-konservatorium gehad het. (2)

8.2.2 Wat bedoel Gawie met die volgende vetgedrukte woorde?

" ... dit is juis die **skoothondjies** wat jou **hakskeen die maklikste bykom**" (Reël 8 en 9) (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.3 Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.2.3(a) tot 8.2.3(d)) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| (a) | Die jongman het voor sy vriende gesing. | A | Die jongman is aangemoedig om wel konservatorium toe te gaan. |
| (b) | Die jongman het te veel gedrink. | B | Die jongman het gewonder waarom Gawie soveel moeite vir hom doen. |
| (c) | Die jongman het vir Gawie van sy droom om opera te sing, vertel. | C | Die jongman was ook jaloers op Mozart. |
| (d) | Die jongman het veilig tuis gekom. | D | Gawie het die slapende jongman op die strand gekry. |
| | | E | Die jongman is uitgelag. |

(4 x 1) (4)

8.2.4 Kies die KORREKTE antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.4) neer.

Die rede waarom Gawie so goed vir die jongman was, was omdat ...

A dit Gawie se werk was om jongmense op die strand te help.
B Gawie wou hê hy moes by Werner Beck gaan studeer.
C die jongman vir Gawie aan sy eie seun laat dink het.
D Gawie die jongman se ouers geken het. (1)

8.2.5 Die verhouding tussen die jongman en sy sogenaamde vriende gaan nooit weer dieselfde wees nie.

Som die verhouding tussen die jongman en sy vriende op.

(a) Hoe was die verhouding tussen die jongman en sy vriende ná die strand-episode? (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.5(a) met TWEE bewyse. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.6 Daar is 'n paar temas in hierdie kortverhaal, byvoorbeeld:

- Groepsdruk
- Verraad
- Goeie dade

(a) Watter EEN van hierdie temas kom die duidelikste in die titel van hierdie verhaal na vore? (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.6(a). Konsentreer op die betekenis van die titel van hierdie kortverhaal. (1)

8.2.7 Beantwoord die volgende vrae.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ons kan aflei dat Gawie iemand was (wat graag gespog het oor wat hy doen/by wie jou geheime veilig sou wees). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.2.7(a) met 'n bewys uit die kortverhaal. (1)

8.2.8 Dink aan die volgende karakters of groep karakters van wie ons in hierdie kortverhaal lees:

- Die kan-ne
- Die nie-kan-ne
- Die jongman se pa

Watter EEN van hierdie karakters of groep karakters, dink jy, het die grootste **negatiewe** invloed op die jongman se drome gehad? Motiveer jou antwoord deur te sê WAT hierdie karakter of groep karakters gedoen of nie gedoen het nie en HOE daardie aksie(s) die jongman se drome negatief beïnvloed het. (2)

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

### VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

9.1 **'DIE NUWE KIND' – Pieter Strauss**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**DIE NUWE KIND – Pieter Strauss**

Ons oë pen jou in jou spore vas:
die nuwe kind hier in ons klas.
In óns skooldrag, langs óns meneer,
jou hare volgens die reëls geskeer.

"Hector Sobukwe," hoor ons jou naam,
" 'n koningskind" – al is jy skaam.
Bedees knik jy, asof jy óns bedank
en gaan sit dan stil in jou bank.

Uit 'n Tupperware-bakkie, soos dit hoort,
eet jy pouses jou snytjies brood.
Maar eenkant, alleen, onder 'n boom
gaan staan jy dan en droom.

In die kunsklas word jou pen 'n mas,
hys jy prentjieseile uit jou ribbekas,
vaar jy weg oor wit papier
die toekoms in, nog ver van hier ...

9.1.1 Wat is hierdie nuwe kind na wie die titel verwys, se volle naam? (1)

9.1.2 Daar is 'n duidelike verskil tussen wat die kinders gedoen het toe hulle die nuwe kind gesien het en wat die onderwyser gedoen het.

(a) Sê in jou EIE WOORDE wat die kinders in die klas gedoen het. Jy lei jou antwoord uit reël 1 af. (1)

(b) Sê in jou EIE WOORDE wat die onderwyser gedoen het. Jy lei jou antwoord uit reël 5 en 6 af. (1)

9.1.3 Waarom beklemtoon die spreker óns in reël 3? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.4 Lees reël 7.

(a) Kies die korrekte antwoord uit dié tussen hakies.

Deur (omgekeerde woordorde/assonansie) word die woord "bedees" in reël 7 uitgelig. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.1.4(a) (1)

9.1.5 'n Digter skep atmosfeer of stemming deur byvoorbeeld lang of kort klanke, sagte of harde klanke en halfrym.

(a) Gee EEN woord om die atmosfeer of stemming wat die digter in strofe 3 geskep het, te beskryf. (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.1.5(a). Jy moet hier 'n voorbeeld gee wat aandui watter tegniek die digter gebruik het. (1)

9.1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.6) neer.

Die leser kan in sy/haar verbeelding sien hoe die nuwe kind onder die boom staan, want ... word gepas gebruik.

A paarrym
B kwatryne
C leestekens
D enjambement (1)

9.1.7 Waarom is dit nodig om te weet dat die nuwe kind pouses sy toebroodjies juis uit *'n Tupperware-bakkie* eet? (1)

9.1.8 Volgens hierdie gedig behoort die onderwyser redes te hê om ontevrede te wees met die nuwe kind se gedrag en/of houding.

Sê in jou EIE WOORDE waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

9.1.9 Lees weer die hele gedig.

(a) In elke strofe word die nuwe kind in 'n nuwe ruimte voorgestel.

Noem die ruimte in strofe drie EN die ruimte in strofe vier in die KORREKTE volgorde. (2)

(b) Dui die kind se gevoel in elke ruimte in jou EIE WOORDE aan. (2)

(c) Gee 'n rede waarom die nuwe kind se gevoel/houding in strofe vier verander het. (1)

9.1.10 In hierdie gedig is daar voorbeelde van partydigheid.

Motiveer hierdie stelling. Verwys na wat die karakters verkeerd gedoen het of glad nie gedoen het nie. (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com



9.2 **'BOEKMERK' – Marlise Joubert**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BOEKMERK – Marlise Joubert**

kinders
met wange soos mossies
wat teen elke oggend stoei
hande altyd woerende vlerke
elke lyfie 'n seilende gesang –
vlak bo die waterspieël
van 'n klipvloergang

vlytig stort die druppels klank
oor haar uit totdat sy verbaas
die reuk van bittersoet jasmyn
uit haar skooljare proe
waar sy ook kon mor
en protesteer:

waarom is alles altyd ver
waarom is alles altyd hier
waarom moet ek leer
van optel aftrek deel
van dooie digters
uit die toentertyd
en watter land sit waar
en waarom draai die son

toe maak sy die dag weer oor –
met elke skoolklok werk sy
namens mossiekind:

kom ons pars die wind
met wange soos soldaatjies

totdat elkeen net die geur
van jasmyn kan boekmerk
teen die onheil van ons
ellelange reis

9.2.1 Watter TWEE dinge van die kinders word in strofe een deur middel van metafore uitgebeeld? (2)

9.2.2 Wat bedoel die spreker met die woord "waterspieël" in die volgende twee reëls:

"vlak bo die waterspieël
van 'n klipvloergang" (Reël 6 en 7) (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2.3 Kies die begrip in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (9.2.3(a) tot 9.2.3(d) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| (a) | "wange soos mossies" | A | klanknabootsing |
| (b) | "<u>woerende</u> vlerke" | B | metafoor |
| (c) | "vlytig stort die druppels klank oor haar uit" | C | vergelyking |
| | | D | kontras |
| (d) | "namens mossiekind" | E | personifikasie |

(4 x 1) (4)

9.2.4 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.4) neer.

"toe maak sy die dag weer oor" (Reël 22)

Die rede hiervoor was omdat …

A die onderwyseres haar eie skooldae onthou het.
B die kinders nie geweet het hoe jasmyn ruik nie.
C die kinders eendag almal soldate sou word.
D daar mossies in die skool was. (1)

9.2.5 Daar was 'n mooi verhouding tussen die onderwyseres en haar leerders.

(a) Wat het die onderwyseres in strofe een gedoen? (1)

(b) Wat het die onderwyseres in strofe twee besef? (1)

(c) Wat wou die onderwyseres graag vir haar leerders hê as hulle die dag die lewe daarbuite begin? Gee die antwoord in jou EIE WOORDE. (1)

9.2.6 Beantwoord die volgende vrae.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Ons kan aflei dat hierdie onderwyseres se skooldae vir haar (mooi en minder mooi herinneringe ingehou het/net mooi herinneringe ingehou het). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.6(a) deur EEN woord uit die gedig aan te haal. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2.7 Dink aan die volgende kenmerke/tegnieke van hierdie gedig:

- Alliterasie (halfrym)
- Alleenplasing (versreël- en strofebou)
- Inversie/omgekeerde woordorde (stylfiguur)

(a) Watter EEN van hierdie kenmerke/tegnieke vind ons in reël 1? (1)

(b) Waarom is hierdie kenmerk/tegniek in hierdie gedig so gepas? (1)

9.2.8 Daar is ten minste twee temas in hierdie gedig, naamlik:

- Laerskoolkinders
- Onderwysers se invloed

(a) Watter EEN van hierdie temas hou die duidelikste verband met die titel van hierdie gedig? (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.2.8(a) deur na die figuurlike betekenis van die titel te verwys. Moenie aanhaal nie. (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**2021**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 32 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

Downloaded from Stanmorephysics.com

## INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| | | |
| 2. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 8 |
| | | |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 11 |
| | | |
| 4. *Lien se lankstaanskoene* | 35 | 14 |
| **AFDELING B: DRAMA**<br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – die drama* | 35 | 17 |
| | | |
| 6. *Paljas* | 35 | 19 |
| | | |
| 7. *Fiela se kind – die drama* | 35 | 22 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br>**Beantwoord vrae oor TWEE kortverhale.** | | |
| 8. *Spieëlbeelde* | | |
| 8.1 "Die rot in die val" | 17 | 26 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Die weldoener" | 18 | 27 |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br>**Beantwoord vrae oor TWEE gedigte.** | | |
| 9. *Verskuns vir Eerste Addisionele Taal* | | |
| 9.1 "Die nuwe kind" | 17 | 29 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Boekmerk" | 18 | 31 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike konflik of kontras gevra word, verdien die kandidate 2 punte of geen punte nie omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word. Ironie tel slegs een punt en die ironie moet duidelik uit die antwoord blyk.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met koeëlpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Die (Knysna) Bos | (1) |
| 1.1.2 | • Die ellips skep die indruk dat Saul oor sy gedagte nagedink het.<br>• Die ellips skep afwagting/laat die leser wonder of/hoe dit sou gebeur dat Saul kon loskom uit die sirkel van armoede.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die gepastheid van die ellips kan dus vanuit Saul se perspektief of vanuit die leser se perspektief aangedui word).* | (1) |
| 1.2.1 | Die hemel | (1) |
| 1.2.2 | • Saul sou eendag op 'n skip klim/op daardie oop see vaar.<br>• Saul sou eendag vry soos 'n voël wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 1.3.1 | 'n wil van sy eie gehad het<br>*(Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 1.3.2 te kry.)* | (1) |
| 1.3.2 | Saul het gewys hy het 'n wil van sy eie gehad **toe hy geweier het om die kalander te kap/**teen sy pa in opstand gekom het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 1.4.1 | • minderwaardig<br>• vernederd<br>• skaam<br>• verleë<br>• ongemaklik<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die woord mag in 'n sin aangebied word. Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 1.4.2 te kry.)* | (1) |
| 1.4.2 | MacDonald het ...<br>• Joram/sy pa beledig/'n leuenaar genoem.<br>• Joram/sy pa laat soebat vir kos en twak.<br>• Joram/sy pa verneder.<br>• veroorsaak dat Saul gesien het hoe bang sy pa was om sy man te staan.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde kan gegee word soos dat sy pa voor MacDonald gekruip het.)* | (1) |
| 1.5 | C nooit weer spontaan kind kon wees nie. | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.6 Hierdie ontmoeting het daartoe gelei dat Saul:

- vir MacDonald gaan werk het.
- Kate ontmoet het.
- leer Engels praat het.
- die skewe sirkel van die houtkopers leer ken het.
- uit (die bose kringloop van) armoede ontsnap het./goud begin delf het.

OF

As daardie ontmoeting nie plaasgevind het nie, sou Saul nooit:

- vir MacDonald as houtkneg gaan werk het nie.
- vir Kate leer ken/leer liefhê nie.
- leer Engels praat het nie.
- die skewe sirkel van die houtkopers leer ken het nie.
- uit die bose kringloop van armoede kon ontsnap nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidate kan die werk as houtkneg noem OF dit wat daaruit voortgespruit het).* (1)

1.7

- Saul en sy pa het nie eenders oor dinge gedink nie/te veel kere nie oor dinge saamgestem nie.
- Saul kon nie gedwing word om te dink soos al die ander (Bos)mense nie/het vir homself gedink/het dinge bevraagteken.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*
*(Kandidate moet konsentreer op die* ***VERSKILLE*** *tussen Saul en sy pa).* (1)

1.8

- Saul se pa het hom uit die Bos weggejaag.
- Die Bosmense het Saul as verraaier gebrandmerk.
- Saul het MacDonald se diens verlaat om te gaan goud delf.
- Saul het gelukkige tye by oom Abraham Steyn beleef. (4)

1.9 Saul het genoeg gedoen, bv.

- toe sy loon gebruik is om sy pa se skuld af te betaal;
- toe hy vir die Bosmense (oom Wiljam en oom Gert) en vir sy mense van die goud vertel het;
- toe hy vir Arend probeer oortuig het dat hulle moes loskom van die houtkopers/dat hulle besig was om die Bos uit te roei;
- toe hy vir Jozef gevra het om by hom hout te lewer;
- toe hy vir Jozef se kinders werk aangebied het.

*(Kandidate mag nog ander voorbeelde noem wat daarop dui dat Saul op daardie manier sy mense uit die houtkopers se mag wou red.)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.10 Albei ...

- het besluite namens Saul probeer neem/Saul se lewe vir hom probeer reël.
- het Saul se gevoelens misken/het hom sleg behandel.
- was te hardkoppig/trots om teenoor Saul te erken dat hulle verkeerd was.
- het Saul verjaag uit 'n gevestigde lewe.
- het Saul as net 'n blote houtkapper gesien.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

1.11

- Saul moes gaan dink oor wat hy uit sy verhouding met **Beth** wou hê.✓
- Saul moes gaan dink wat hy gaan doen as die gerugte oor **rifgoud** wat ontdek is, waar was/moes besluit of hy deel wou wees van die gejaag na (rif)goud.✓

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

1.12

- "room van die dorp en distrik" – net die rykes (van Knysna en omgewing)✓
- "gefluister" – mense wat praat/skinder (omdat hy uit die Bos gekom het en met die rykes gemeng het)✓

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

1.13.1 C Saul en Kate kon oor hulle gevoelens met mekaar praat. (1)

1.13.2 A Saul se familie is van die houtwerf af weggejaag. (1)

1.13.3 D Saul het besluit om Knysna finaal te verlaat. (1)

1.13.4 B Saul het besluit om vir oulaas terug te gaan Bos toe. (1)

1.14 D te keer dat Oupoot voor Terblans se koeëls moes kniel. (1)

1.15.1

- Die verhouding was goed/positief/heg/sterk.
- Saul en Maska was soos broers./Hulle was hartbroers/het mekaar verstaan/was lief vir mekaar.

*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 1.15.2 te kry.)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.15.2
- Maska was bekommerd oor Saul se veiligheid.
- Saul kon met Maska oor dinge praat soos wat hy met 'n broer sou praat.
- Maska kon Saul teregwys.
- Maska was die een wat by Saul gepleit het om familiebande te behou.
- Maska het Saul se verhouding met Oupoot verstaan.
- Maska het Saul ingelig gehou oor nuus van sy familie.

*(Enige TWEE bewyse of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

1.16.1 Klasseverskille in die samelewing
*(Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 1.16.2 te kry.)* (1)

1.16.2 Elizabeth Stewart het bedoel dat Saul ...
- toe slegs aanvaar is omdat hy geld gehad het.
- as Bosmens nooit aanvaarbaar sou wees nie, maar dat die feit dat hy toe geld gehad het vir hom die voorreg gekoop het om deel van die rykes te wees.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

1.17.1 te verneder (1)
*(Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 1.17.2 te kry.)*

1.17.2 MacDonald het ...
- vir Saul op 'n spottende/sarkastiese wyse as *mister* aangespreek.
- vir Saul gesê dat die Bos maar altyd in sy bloed gebly het.
- gesê dat die lagie goud om Saul maar baie dun was.
- gesê dat Saul skynbaar vergeet het dat hy maar net 'n houtkneg was.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

1.18 (Patterson)
- Dit was Patterson wat vir Saul geleer het hoe om te delf /wat vir Saul sy goudpan gegee het.✓ (WAT)
- Dit het Saul in staat gestel om ryk te word/uiteindelik menswaardig te voel.✓ (HOE)

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1 | Botterberg (Nie Bitterberg nie) | (1) |
| 2.2.1 | Hy was die beste man (wat haar ma nog ooit in haar lewe gehad het).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 2.2.2 | • Hanna het gedink dit was onnodig.<br>• Hanna het nie van die idee gehou nie.<br>• Hanna het gedink haar pa sou haar voor haar vriendin in die verleentheid stel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde wat Hanna se ontevredenheid aandui)* | (1) |
| 2.3 | • Dit skep die illusie van die werklikheid.<br>• Dit maak die verhaal meer geloofwaardig.<br>• Dit laat die leser presies weet wat Hanna dink en voel, (want sy gee haar eie gedagtes en ervaring)/Ons leer Hanna as hoofkarakter ken.<br>• Sy is die hoofkarakter/die storie handel oor haar lewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 2.4.1 | baie geniet het<br>*(Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 2.4.2 te kry.)* | (1) |
| 2.4.2 | • Dit het die (saamgeflanste) gesin die geleentheid gebied om mekaar **beter te leer ken**.<br>• Dit was Mana en Beyers se **wittebrood**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 2.5.1 | negatief/neerdrukkend/depressief/ontevrede/bitter<br>*(Of soortgelyk. Die woord mag in 'n sin aangebied word. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 2.5.2 te kry.)* | (1) |
| 2.5.2 | • Hanna het nie die huis of die omgewing inspirerend gevind nie.<br>• Dit was nie vir Hanna lekker daar op Botterberg nie.<br>• Hanna het nie van die idee van hierdie vakansie gehou nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 2.6 | B vir haar 'n alter ego, Fabienne, geskep het. | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.7 Sharon het Hanna ...

- bewus gemaak van hoe fantasties dit daar op die berg was.
- gewys 'n mens hoef jou nie vir jou familie te skaam nie/dat Hanna se familie spesiaal was/vir haar omgegee het.
- geleer dat sy nie moes oordeel nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.8 Gavin ...

- het vir Hanna die eenvoudige cashmere truitjie gegee – anders as die ander uitspattige kledingstukkies wat hy vroeër vir haar gestuur het/'n geskenk gegee waarvan sy gehou het.
- sou graag vir Hanna 'n eksotiese naam soos Fabienne wou gee.
- het vir Hanna 'n *fabulous creature* genoem/gewys hy is lief vir haar/aanvaar haar/trots op haar.
- kon enige hartseer situasie in 'n partytjie omskep/het gehelp om 'n vrolike atmosfeer te skep/het almal vermaak/het aanhou dans.
- het 'n spesiale (verjaardag)ete vir Hanna gemaak.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.9

- Mana het 'n speel-speel-troue gehad om die familie gelukkig te hou.
- Mana het 'n fantastiese pa vir haar kind oorsee gaan kies.
- Mana en Beyers het mekaar ontmoet toe hulle die dag met Pampoen en Patat gaan stap het.
- Mana-hulle het 'n groter huis in die Kaap gesoek. (4)

2.10 Yann het ...

- gekla dat die huis 'n *dump* was.
- gekla oor die meubels.
- gaan slaap terwyl hulle nog 'n speletjie speel.
- sarkasties na die gesin verwys.
- gekla omdat hy soggens moes gaan stap.
- heeltyd met sy Walkman se oorfone op sy kop geloop om almal uit te sluit/hom eenkant gehou.
- geprotesteer om by 'n werkspan ingedeel te word.
- gevoel hy moes kon kies watter gedigte voorgelees moes word.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.11 Albei het haar positief beïnvloed/goed oor haarself laat voel.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.12

- Hanna se eerste woord was hoetom/hoekom. ✓
- Hanna het alles bevraagteken. ✓

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.13 D glad nie deur Margot beïndruk kon word nie. (1)

2.14 Sy het bedoel Margot het dit reggekry dat Hanna ook van haar begin hou het.✓✓
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

2.15.1 C Hanna het na Margot as die koningin verwys. (1)

2.15.2 E Gavin het die geleentheid gebruik om vir Margot te verduidelik dat sy net haarself moes wees. (1)

2.15.3 A Almal in die huis het gedink Margot was 'n heldin. (1)

2.15.4 D Yann en Amos het agtergebly met die belofte dat hulle gou weer hulle ma sou sien. (1)

2.16.1 Die verhouding het verbeter/positief/hegter/sterker geword.
Yann en sy ma het in daardie paar dae **nader aan mekaar beweeg**.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 2.16.2 te kry.)* (1)

2.16.2
- Yann het spontaan teenoor sy ma begin optree/haar goedig begin terg (dink aan haar Tarot-sessies).
- Yann het sy ma se opgewondenheid met die water wat gesak het, gedeel.
- Yann het vir Margot genooi om 'n naweek by hulle in die Kaap te gaan deurbring.
- Yann het Margot deel van die nuwe familie genoem.
- Margot het vir Yann aan die einde belowe dat sy nie weer haar belofte om te kom kuier, sou verbreek nie.
- Yann en sy ma was albei hartseer toe sy vertrek het.

*(Enige TWEE bewyse of soortgelyk aan bogenoemde).* (2)

2.17.1 Aanvaarding
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 2.17.2 te kry.)* (1)

2.17.2
- Hanna het haarself aanvaar.
- Hanna het haar (ingewikkelde) gesin/lewe aanvaar (Aanvaar die name van die gesinslede.)
- Hanna het gesien dat sy toe nie 'n teleurstelling vir haar *trendy* pa was nie/haar pa trots op haar was.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

2.18.1 die kinders op te beur
*Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 2.18.2 te kry.)* (1)

2.18.2 Hy het (op die kombuistafel**)** vir hulle gedemonstreer hoe die diskodans uit die jare sewentig **gedans** is.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.19 (Amos en Tibo)

- Amos en Tibo het in haar kamer gaan krap/haar gedig of boek gelees/haar met haar gedig gespot/aan Margot se lippe gehang.✓ (WAT)
- Dit het vir Hanna geïrriteer omdat hulle haar privaatheid geskend het/haar skaam gemaak het/sy nie van Margot gehou het nie.✓ (HOEKOM)

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

**[35]**

## VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1 | Meeuland | (1) |
| 3.2.1 | Elsabet | (1) |
| 3.2.2 | • Kinnie is dood.<br>• Kinnie het 'n baba gehad.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 3.3 | • Die ellips skep die indruk dat Ryna emosioneel was.<br>• Die ellips skep afwagting/laat die leser wonder wat Ryna wou sê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*<br>*(Die gepastheid van die ellips kan dus vanuit Ryna se perspektief of vanuit die leser se perspektief aangedui word).* | (1) |
| 3.4.1 | saamgestem het dat<br>*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 3.4.2 te kry.)* | (1) |
| 3.4.2 | • Hulle het 'n **ongeskrewe ooreenkoms** aangegaan.<br>• Hulle het 'n **besluit** geneem **sonder om dit neer te skryf**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Noem beide vir een punt.)* | (1) |
| 3.5.1 | moedeloos/wanhopig<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die woord mag in 'n sin aangebied word. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 3.5.2 te kry.)* | (1) |
| 3.5.2 | Dit was vir hom duidelik dat daar geen hulp gaan kom nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 3.6 | C 'n groot liefde vir pikkewyne ontwikkel. | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.7
- Fred sou sy mag kon misbruik/inmeng/oorneem.
- Die Blanckenbergs het al vir Jacob genoeg hartseer besorg.
- Janka was die anker in Jacob se lewe.
- Fred sou met sy baie geld vir Janka van Jacob kon wegneem.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.8 Elsabet het vir Janka op Meeuland gelos omdat ...
- Jacob te swaar sonder Janka sou kry.
- Fred vir Elsabet belangriker as Janka was.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.9
- Janka moes wal toe gaan vir Elsabet se begrafnis.
- Ryna het ontdek wie Janka se biologiese pa was.
- Janka is raakgeskiet.
- Janka het by Ryna in Ousanna se huisie gaan bly. (4)

3.10
- Jacob het nie geweet dat Janka op die jettie was nie.
- Jacob kon nie voorsien het dat Janka uit haar wegkruipplek sou opspring nie.
- Jacob het nie geweet dat Schalk sou skiet nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.11 Albei was daar sodat Ryna ...
- kon voel sy het iemand gehad wat sy kon versorg/liefhê.
- haar moedersinstink kon bevredig.
- se lewe sinvol kon wees.

Albei het haar lewe verryk.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.12
- Janka het haar Meeulandklere aangehad/nie haar nuwe pienk rok gedra nie.
- Janka het op haar krukke aangeloop gekom.
- Janka kon haar krukke neersit en die laaste entjie na die mense onder die afdak toe loop.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

3.13
- Jacob se hofsaak.
- Jacob se moontlike tronkstraf.
- Jacob wat nie langer op Meeuland sou kon aanbly nie.
- Jacob wat vir 'n lang tyd nie vir Janka sou kon versorg nie.
- Jacob gaan probleme/moeilike tye/hartseer ervaar.

*(Enige TWEE soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

3.14.1 D Sheila het selfdood gepleeg. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.14.2 C Fred moes die seegraskonsessie afteken. (1)

3.14.3 B Ryna het uitgevind wie Janka se biologiese pa was. (1)

3.14.4 E Jacob het wraak gesweer na Janka se ongeluk. (1)

3.15 B besluit het om Kaap toe te gaan om alleen te wees. (1)

3.16.1
- Hulle verhouding het hegter/beter geword/verdiep.
- Ryna en Jacob het lief vir mekaar geword/het 'n liefdesverhouding ontwikkel.

*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 3.16.2 te kry.)* (1)

3.16.2
- Jacob het vir Ryna 'n romantiese plaat en platespeler voor haar deur neergesit.
- Ryna was bereid om vir Jacob te wag totdat hy uit die tronk kom.
- Hulle het mekaar ondersteun.
- Jacob het vir Ryna genooi om Meeuland toe te kom en daar te bly totdat hulle saam die eiland moes verlaat.
- Jacob praat nie meer op 'n aggressiewe wyse met Ryna nie.

*(Enige TWEE bewyse of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

3.17.1 Geheime het 'n groot invloed op die mens se lewe.
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 3.17.2 te kry.)* (1)

3.17.2
- Fred het nie geweet dat Janka sy biologiese kind was nie.
- Elsabet het nie geweet dat Janka nie haar biologiese kind was nie.
- Janka is in die geheim by geboorte omgeruil.
- Ousanna het die ware gebeure rondom Janka se geboorte geheim gehou.
- Jannerik het Janka in die geheim Meeuland toe gebring.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.18.1 verstaan het
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 3.18.2 te kry.)* (1)

3.18.2 Ryna kon in ant Hansie se oë sien dat sy ook al swaar gekry/seergekry het.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

3.19 (Fred Blanckenberg:)
- Fred Blanckenberg het haar biologiese ma verwerp.✓ (WAT)
- Hy het haar 'n buite-egtelike kind gemaak.✓ (HOE)

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt***

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1 | Pretoria (Tshwane)/Jakarandastad | (1) |
| 4.2.1 | Tannie Bets | (1) |
| 4.2.2 | • Tant Malie was onregverdig teenoor Lien.<br>• Tant Malie wou haar laat betaal vir gebreekte koppies/iets wat 'n ongeluk was.<br>• Lien het gevoel die ongeluk kon met enige iemand gebeur het.<br>• Lien kon nie glo tant Malie tree so onregverdig teenoor hulle op nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | (1) |
| 4.3 | • Dit maak die dialoog/teks geloofwaardig.<br>• Dit stem ooreen met die manier waarop die karakters/tieners sou praat.<br>• Die lirieke van Norah Jones is in Engels.<br>• Tibbey is nie Afrikaanssprekend nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | (1) |
| 4.4.1 | teleurgesteld was oor<br>*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 4.4.2 te kry.)* | (1) |
| 4.4.2 | • Lien het **gehoop** dat haar ma na haar tydjie in die rehabilitasie-kliniek **sou ophou drink**.<br>• Lien se ma het **weer begin drink**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 4.5.1 | vernederd/skuldig/onseker/geskok/blootgestel/uitgelewer/skaam/ ongemaklik/goedkoop/ontnugter/gespanne<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die woord mag in 'n sin aangebied word. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 4.5.2 te kry.)* | (1) |
| 4.5.2 | (Hy wou haar betaal) vir seks/seksuele gunsies/om met haar te slaap.<br>Sy was 'n prostituut. x<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)(Ons aanvaar nie bloot dat sy 'n prostituut was nie)*. | (1) |
| 4.6 | D 'n bus na haar ou adres gehaal het. | (1) |
| 4.7 | • Sally het vir haar gesê dat ouers se foute nie die kinders se skuld was nie.<br>• Lien kon hoor dat haar probleme nie uniek was nie.<br>• Sally het vir Lien beter oor haar omstandighede laat voel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanvaar nie net die voorbeeld van dit wat Sally se pa gedoen het nie.)* | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.8 Lien se doel was om geld te verdien vir hulle huishoudelike uitgawes/vir Braam te versorg.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Kan voorbeelde van huishoudelike uitgawes/uitgawes vir Braam noem.)* (1)

4.9
- Lien het 'n pruik en 'n brilletjie in die rekwisietekamer gekry.
- Tibbey en Roos het vir Lien geleer hoe om op straat as bedelaar te oorleef.
- Lien se dronk ma het vir haar en Braam by die skoolhek in die skande gesteek.
- Lien se ma is vir winkeldiefstal gevang. (4)

4.10
- Braam het meestal by sy vriend/by Deon gekuier.
- As Braam tuis was, het hy voor die TV gesit/niks in die huis gedoen nie/klere versorg nie.
- Braam het nie aandag aan sy voorkoms gegee nie.
- Braam het feitlik 'n normale lewe gelei.
- Braam wou nooit die probleme in die huis bespreek/konfronteer nie.
- Braam het nie gaan geld verdien om die familie te help onderhou nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

4.11
- Albei was versorgers/het omgegee vir ander mense/het ander mense gehelp/was onselfsugtig.
- Albei het 'n goeie/positiewe rol gespeel.

*(Enige EEN of soortgelyk. Wees bedag daarop dat die kandidate 'n vergelyking moet tref tussen die twee.)* (1)

4.12
- Lien het besluit om nie meer saam met Wouter matriekafskeid toe te gaan nie.
- Lien sou haar vriendskap met Hein 'n kans gee.
- Na die opvoering het Lien geweet sy wou drama gaan studeer/wat sy wou gaan studeer/nie meer prokureur word nie/nie meer oorsee gaan nie.
- Lien sou nie weer teruggaan strate toe nie.
- Lien het besluit om meer betrokke te wees by haar skoolmaats.

*(Enige TWEE BESLUITE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

4.13
- Lien was gelukkig/vry (van ekstra laste) (vlieg).✓ Dit was vir haar die beste plek om te wees (hemel).✓
- As sy toneel speel, voel dit asof sy vlieg✓ en die verhoog is vir haar soos die hemel.✓

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

4.14.1 C Lien het besef dat sy op Hein kon staatmaak. (1)

4.14.2 D Lien kon nie Donovan se aanbod aanvaar om weer vir hulle te gaan werk nie. (1)

4.14.3 B Kuifie het agtergekom hoe Lien haar geld verdien. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


4.14.4 A Lien het besef dat Braam ook sukkel om hul omstandighede te verwerk. (1)

4.15 B die kerk sou help om Lien-hulle se uitgawes te dek. (1)

4.16.1
- Hulle verhouding was goed/sterk/heg.
- Hulle verhouding was vriendskaplik/platonies (basies) /ondersteunend/begrypend.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 4.16.2 te kry.)* (1)

4.16.2
- Hulle het mekaar se omstandighede geken/verstaan (albei se gesinne het uitmekaar geval.)
- Hulle het aan die begin net mekaar gehad.
- Hulle kon saam dinge geniet.
- Hulle het na mekaar geluister.
- Hulle was saam nuut in Hoërskool Jakaranda.

*(Enige TWEE bewyse of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

4.17.1 Oorwinning
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 4.17.2 te kry.)* (1)

4.17.2
- Lien het haar omstandighede aanvaar (en dus oorwin).
- Lien kon vergewe.
- Lien het haar onsekerhede oor haar toekoms oorwin.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

4.18.1 nie skaam vir haar ou lewe as bedelaar te wees nie.
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 4.18.2 te kry.)* (1)

4.18.2 Lien het haar bedelaarvriende konsert toe uitgenooi.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

4.19 (Lien se pa)
- Lien se pa/hy het bedrog gepleeg/in die tronk beland.✓ (WAT)
- Dit het die gesin in armoede gedompel/hulle lewens ontwrig.✓ (HOE)

*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde kan genoem word.)* (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1 | Elsies(rivier) | (1) |
| 5.2.1 | Mama moes gaan werk het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 5.2.2 | • Poppie het aangehou om Mosie se skoolboeke te lees.<br>• Poppie het die liedjies wat Mosie geleer het, saamgesing.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 5.3 | • Die toneelaanwysing **beklemtoon** 'n **gelukkige gesinslewe.**<br>• Die toneelaanwysing dui op 'n rustige atmosfeer/'n gelukkige gesinslewe **wat Poppie gemis het**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 5.4.1 | verbaas<br>*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 5.4.2 te kry.)* | (1) |
| 5.4.2 | Poppie het geweet dat Stone gesukkel het om 'n werkspermit te kry.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 5.5.1 | sarkasties/kwaai/verwytend/bitter/ongelukkig<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die woord mag in 'n sin aangebied word. Hierdie vraag moet korrek wees om die punt by 5.5.2 te kry.)* | (1) |
| 5.5.2 | Poppie het gevoel dis onregverdig dat die broers kon kom en gaan soos hulle wil, maar sy nie.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 5.6 | A die kontrakwerk by die melkery aanvaar het. | (1) |
| 5.7 | • Poppie moes sorg dat haar pas wettig was.<br>• Dit was die wette van daardie tyd.<br>• Sy het nie haar permanente pas gehad nie./Haar pas was altyd net vir 'n beperkte tyd geldig.<br>• Poppie was getroud met Stone/'n man uit Ciskei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 5.8 | Kinders het toe hulle respek vir grootmense verloor./Dit was waar hulle gesien het hoe die polisie die grootmense behandel het.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.9
- Die "strike" was verby.
- Stone is vir die eerste keer in die hospitaal opgeneem.
- Poppie moes kies waar in die Ciskei sy wou gaan woon.
- Poppie en Stone moes "damage-geld" betaal. (4)

5.10
- Poppie het die beste opsie ('n skool en huis)vir haar kinders gevra.
- In Mdantsane het Poppie by die huis gebly om vir haar kinders te sorg, (te werk, te was en te kook).
- Poppie het geduldig gebly met haar kinders (al was hulle ongehoorsaam).

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

5.11
- Stone het sy gesin goed versorg.
- Stone het homself tekort gedoen om sy gesin te onderhou.
- Stone het nie weggeloop nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

5.12 Eers Herschel✓, toe Mdantsane✓ (2)

5.13
- Toe was daar **geen beswaar** meer teen Poppie se **verblyf in die Kaap** nie.✓ ✓
- Sy kon toe **sonder vrees** gaan **werk en bly waar sy wou**.✓ ✓

*(Enige EEN Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

5.14.1 C Poppie en haar kinders het Kaap toe gegaan vir Stone se begrafnis. (1)

5.14.2 A Poppie het besluit om sonder 'n pas in die Kaap te bly en te werk. (1)

5.14.3 E Poppie het vir Fezi by Bonsile laat agterbly. (1)

5.14.4 D Mama het probeer om haar kinders van die straat af te hou. (1)

5.15 D namens sy familie, wat al moeg was, baklei het. (1)

5.16.1 Poppie was vir Jakkie soos 'n ma/dit was 'n hegte/goeie verhouding.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 5.16.2 te kry.)* (1)

5.16.2
- Poppie het vir Jakkie opgepas totdat hy drie jaar oud was.
- Poppie het vir Jakkie op haar rug rondgedra.
- Poppie het self gesê dat sy die liefste vir Jakkie was.

*(Enige TWEE bewyse of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

5.17.1 Die vernietiging van die gesinslewe deur onmenslike sisteme
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 5.17.2 te kry.)* (1)

5.17.2 Die onmenslike wette het Poppie se gesin en familie uitmekaar geskeur.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com



5.18.1 'n mens nie teen God se wil kon rebelleer nie
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 5.18.2 te kry.)* (1)

5.18.2 In die slot het Poppie tot die besef gekom dat haar en haar kinders se lewenspad vooruitbestem was./Wat moes gebeur, sou/moes gebeur.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

5.19 (Jakkie)
- Jakkie het by die opstande betrokke geraak/gevlug nadat hy 'n polisieman geskiet het.✓ (WAT)
- Poppie se kinders is onskuldig by die opstande betrek/Mama en suster in die tronk laat beland.✓ (HOE)
  *(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

**[35]**

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1 | (Op) 'n stasie (in die Karoo)/in die Karoo<br>*(LW: Nie Toorwater nie)* | (1) |
| 6.2.1 | Hendrik het 'n verhouding tussen die twee jongmense verwelkom/aangemoedig./Hendrik wou gehad het hulle moes trou. | (1) |
| 6.2.2 | Emma wou nooit trou nie./Emma het weggehardloop van 'n verhouding af.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 6.3 | Die stukkende motor/Cortina stel die stukkende verhoudings/swak kommunikasie in die McDonald-gesin voor.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 6.4.1 | nie die lewe geniet het nie<br>*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 6.4.2 te kry.)* | (1) |
| 6.4.2 | Oudokter was van mening dat Willem ...<br>• net doodgewoon ongelukkig oor die lewe was.<br>• bang vir iets was.<br>• iets nie kon verwerk nie.<br>• nie siek was nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 6.5.1 | romanties/nostalgies/hartseer<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die woord mag in 'n sin aangebied word. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 6.5.2 te kry.)* | (1) |
| 6.5.2 | Hendrik en Katrien het geen liefde/romanse teenoor mekaar getoon nie./Hulle was afsydig teenoor mekaar.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com


6.6 B vertel het hoedat Katrien vir Emma leer klavier speel het. (1)

6.7
- Die sirkusmense het nie met opset op die stasie beland nie.
- Hendrik het geen rede gehad om hulle onvriendelik te behandel/ wantrou nie.
- Hendrik se onvriendelikheid was gebaseer op sy eie denkfout, nl. dat die trokke spoorwegeiendom was.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

6.8
- Dit het gelyk asof Hendrik vir Emma aan Nollie wou afsmeer.
- Hendrik het altyd die verkeerde dinge gesê, *bv. Hendrik sê vir Emma om vir Nollie te vra om haar te leer vry.*

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

6.9
- Hendrik het vir Emma teen die sirkusmense gewaarsku.
- Willem het begin toertjies doen.
- Hendrik en Katrien het langs die pad baklei.
- Manuel het vir Willem geleer dat die lewe te kort vir trane is. (4)

6.10
- Hulle het hulle harte teenoor mekaar uitgepraat.
- Katrien kon hoor dat Hendrik al die jare jaloers was.
- Hendrik het tot die besef gekom dat Katrien nog altyd net vir hom lief was.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

6.11 Dinge (kan spesifiseer) in Willem/die McDonalds/ander karakters se lewens het **reggekom** asof dit reggetoor was /op 'n magiese manier reggemaak is.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

6.12 Hendrik het ...
- sonder aggressie reageer/Jan Mol se vuurwapen teruggegee.
- die nar/Manuel sonder enige vrae aanvaar/opgetel/gedra al het hy hom nie geken nie.
- nie met Willem geraas (oor die vreemdeling/sirkusmens) nie en ons het dit verwag.
- die situasie beter gemaak; nie slegter soos ons gewoond is nie.

*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

6.13
- Hendrik wou al voorheen ✓iets aan Jan Mol doen/vir Jan Mol slaan/bykom. ✓
- Jan Mol het vir Hendrik al by vorige geleenthede ✓kwaad gemaak. ✓

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

6.14.1 C Katrien moes vir Willem 'n narrepak maak. (1)

6.14.2 E Manuel het besluit om kerk toe te gaan. (1)

6.14.3 B Hendrik-hulle se rustige Sondagmiddag is versteur. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com



6.14.4 A Die nar se klere op die wasgoeddraad is vol gate geskiet. (1)

6.15 D lekker ontspanne (1)

6.16.1
- Hulle verhouding was goed/sterk/gelukkig.
- Hendrik en Katrien was liefdevol teenoor mekaar/die verhouding was romanties/prettig.

*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie antwoord moet korrek wees om 'n punt by 6.16.2 te kry.)* (1)

6.16.2 Tydens die samekoms by hulle huis, het hulle ...
- gedans.
- gelag.
- mekaar vasgehou.
- in mekaar se ore gefluister/beter gekommunikeer.

*(Enige TWEE bewyse of soortgelyk aan bogenoemde. As "goed" aanvaar word, is die dinge wat by 6.16.1 se tweede kolpunt genoem word, hier ook reg.* (2)

6.17.1 Aanvaarding van mense se andersheid
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 6.17.2 te kry.)* (1)

6.17.2 Hendrik het die nar/Manuel opgetel/huis toe gedra.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

6.18.1 onwelkom
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 6.18.2 te kry.)* (1)

6.18.2
- By die Volstruisdans is hulle met tamaties en eiers gegooi.
- Toe hulle by die Volstruisdans wegry, is hulle motor met klippe gegooi.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

6.19 (Frans)
Frans het tydig en ontydig by Hendrik se huis opgedaag/vir Katrien eetgoed of kruideniersware gebring/by Katrien aangelê.✓ (WAT)
Hendrik was jaloers/het gedink dat Frans vir Katrien by hom wou wegvat.✓ (HOE)
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA – Dalene Matthee***

**VR NR** **ANTWOORD** **PUNT**

7.1 Wolwekraal/Lange Kloof (1)

7.2.1 Selling het gedink hulle ...

- kom preek
- was mense/predikers wat kom preek het
- was mense van die kerk

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

7.2.2 Fiela het gedink hulle ...

- kom smous/was mense wat gesmous het.
- kom velle/vere koop.
- kom haar volstruis(mannetjie) koop.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

7.3

- Dit **beklemtoon** die lange se **skok/niekan glo wat hy sien nie.**
- Dit wys die lange se skok oor/nie kan glo wat hy sien nie - **die wit kind by 'n bruin gesin**.

*(Enige EEN. LW. Ons vra nie WAAROM hy sy bril afruk nie; die vraag is waarom die afruk van die bril so gepas is.)* (1)

7.4.1 baie sy vir Benjamin omgegee het
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.4.2 te kry.)* (1)

7.4.2 (Benjamin is vir haar belangriker as ...)

- al haar aardse besittings.
- Wolwekraal, insluitend die volstruise.
- Alles/die dinge wat sy gehad het wat verkoop kon word.
- letterlik enigiets wat aan haar behoort het.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

7.5.1 kwaai/aggressief/neerhalend/minagtend/agterdogtig/onbeskof/beskuldigend/rassisties/streng/kortaf/onvriendelik/ongeskik
*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die woord mag in 'n sin aangebied word. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.5.2 te kry.)* (1)

7.5.2 Lange het gedink dat ...

- bruinmense minder belangrik was/bruinmense sy mindere was/hy op bruinmense kon neersien.
- hy die wet verteenwoordig.
- hy vir Fiela só kon bang maak/intimideer.
- Fiela vir hom gejok het.
- dit reg was om so te praat, want daar was 'n wit kind by bruin mense.
- hy nie kon glo wat hy gesien het nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.6 A aan die einde van die gebeure gevra het of die bosvrou klaar gekyk het sodat hy kon teruggaan. (1)

7.7 Benjamin moes daardeur kon bewys dat ...

- die Komoeties/Fiela hom goed versorg het.
- Fiela-hulle geld gehad het om vir hom te sorg/Fiela-hulle nie kaalgat was nie.
- hy geletterd/goed opgevoed was.
- hy nie skaam hoef te wees dat 'n bruinvrou hom grootgemaak het nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

7.8

- Nina wou dadelik haar geheim van die bottels met hom deel.
- Nina het hom saamgenooi Bos toe om haar geheim te deel.
- Benjamin was van die begin af in konflik met Elias, nes Nina.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

7.9

- Lukas het besluit om weg te loop van die Van Rooyens af.
- Die boswagter het kom hoor of Lukas by sy nuwe gesin aangepas het.
- Fiela het Lukas se goedjies vir hom gebring.
- Lukas het vir Nina Knysna toe geneem om daar te gaan werk. (4)

7.10 Fiela kon tevrede voel, want sy ...

- was **twee keer** dorp toe om die magistraat te gaan spreek.
- het **haar verneder** voor die magistraat.
- **is Bos toe** om te gaan kyk of sy haar kind kon sien.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

7.11 Albei het ...

- 'n positiewe invloed op die jongmense gehad.
- in die jongmense geglo.
- gehelp om die jongmense finansieel onafhanklik te maak/ probeer ophef/goeie beginsels geleer (sodat hulle ordentlike volwassenes kon wees.)
- die jongmense teen onreg beskerm.
- hul harte/huise vir die jongmense oopgemaak.
- geglo dat die jongmense vooruit moes gaan.
- 'n positiewe invloed op die jongmense gehad.
- Nina en Benjamin se lewensomstandighede verbeter.
- vir hulle 'n beter toekoms in gedagte gehad.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.12 Benjamin was toe ...

- groot/'n man/nie meer 'n kind nie.
- ('n) wit (man).
- ('n) lang (man).
- ('n) mooi (man).

*(Enige TWEE)* (2)

7.13 Sy kon nie glo dit was Benjamin nie/Benjamin was nie regtig daar nie/ dit was net haar verbeelding/sy het gedink sy droom.✓✓
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

7.14.1 E Lukas het die geleentheid gekry om naby die see te wees. (1)

7.14.2 C Lukas het besluit om na baie jare weer vir Fiela-hulle te gaan besoek. (1)

7.14.3 A Selling het flou geword. (1)

7.14.4 B Barta moes erken dat sy die verkeerde kind gekies het. (1)

7.15 B getwyfel het of Benjamin weer sou terugkom. (1)

7.16.1

- Die verhouding tussen Lukas en Elias was swak/sleg/nie goed nie.
- Hulle verhouding was liefdeloos/koud/vreemd.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.16.2 te kry.)* (1)

7.16.2

- Elias het Lukas mishandel.
- Elias het Lukas net gesien as nog 'n paar hande/misbruik.
- Elias het Lukas se kindwees van hom ontneem.
- Elias het nie soos 'n liefdevolle vader/ouer teenoor Lukas opgetree nie.
- Elias het nie regtig vir sy (verlore) seun omgegee nie.
- Lukas wou/het nie vir Elias as sy pa aanvaar nie/hom Pa genoem nie.
- Lukas wou wegloop.
- Lukas het verkies om nie sy "gesin" met Fiela te bespreek nie.
- Hulle het altyd vasgesit./Daar was konflik tussen die twee. (2)
- (*Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)*

7.17.1 Die samelewing wat 'n mens op grond van jou velkleur stereotipeer.
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.17.2 te kry.)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


7.17.2
- Fiela het besluit om die Laghaanse se grond vir Benjamin te gee om te bewys dat bruinmense nie te agterlik/te arm was om vir hulle kinders 'n voorsprong in die lewe te gee/grond op hulle naam te sit nie.
- Fiela het besef dat Benjamin (wat toe groot en wit was) nie met hulle in dieselfde huis kan bly nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*
*(LW: Uit die antwoord moet dit duidelik blyk dat die kandidaat weet **hoe** Fiela/Benjamin gestereotipeer sou word.)* (1)

7.18.1 Fiela se opinie oor dinge vir Lukas belangrik was.
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 7.18.2 te kry.)* (1)

7.18.2
- Benjamin wou by Fiela weet of sy nog steeds glo hy was nie die Van Rooyens se kind nie.
- Benjamin wou by Fiela weet of sy weet wie hy werklik was.
- Benjamin kon vir Fiela sê dat hy op Nina verlief geraak het.
- Benjamin het gedoen wat Fiela gesê het, nl. om vir Barta te gaan konfronteer oor sy ware identiteit.
- Benjamin wou by Fiela weet of sy nog steeds glo 'n kind van drie sou dit nie van agter uit die Bos tot in die Lange Kloof maak nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Gee voorbeelde uit die gesprekke.)* (1)

7.19 (Barta van Rooyen)
- Barta het vir Benjamin verkeerdelik as haar Lukas uitgewys/gejok in die hof/al die jare stilgebly oor haar leuen die dag in die hof.✓ (WAT)
- Barta het veroorsaak dat Benjamin vir 7 jaar die koestering van 'n liefdevolle ouerhuis moes ontbeer/Benjamin se sorgelose kinderjare van hom ontneem/Benjamin se identiteitskrisis veroorsaak/Benjamin is mishandel as gevolg van Barta se leuens. ✓ (HOE)

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "ROT IN 'N VAL" - H. du Plessis

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 | • Slovosingel (3)<br>• Ndlovu<br>• Slovosingel 3, Ndlovu<br>*(Enige EEN)* | (1) |
| 8.1.2 (a) | Lerato moes belowe om ...<br>• te kyk waar Igundane was.<br>• Kuku (die kat) buite te hou totdat Igundane gevind word.<br>• vir Grace te sê sy moenie vir Igundane uitvee as sy skoonmaak nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 8.1.2 (b) | Sy het gegril vir ...<br>• die **dooie** rot.<br>• die werkers wat (eers so bang vir die rot was en toe weer) bly was dat hy **dood is**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 8.1.3 | Die verwysing na die kat skep **spanning** in die verhaal/As die kat inkom, sal hy die rot vang en dit skep **spanning** in die verhaal. | (1) |
| 8.1.4 (a) | baie bang was<br>*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 8.1.4 (b) te kry.)* | (1) |
| 8.1.4 (b) | Die verteller het vir ons aangedui dat Lerato **doodstil gestaan** het/**nie kon roer nie** (– alles van skok).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. EIE WOORDE)* | (1) |
| 8.1.5 (a) | smekend/pleitend/paaiend/(smeek/pleit/paai)/mooi<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. Die woord mag in 'n sin aangebied word. LW: nie omskrywing nie. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 8.1.5(b) te kry.)* | (1) |
| 8.1.5 (b) | Sy het gedink dis gepas ...<br>• sodat die rot nie moes weghardloop nie.<br>• want sy was afhanklik van die rot se teenwoordigheid.<br>• want sy was verleë oor die rot/die rot moes tot haar redding kom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 8.1.6 | A Lerato het sommer net daar flou geval. | (1) |
| 8.1.7 | • Hulle moes nader aan ander mense trek.<br>• Daardie huis was te ver van ander mense af.<br>• Lerato moes veilig voel/wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.8 Lerato ...

- wou nie instem om 'n groot hond te kry nie.
- het nie die agterdeur agter haar toegesluit nie.
- het sommer iemand uit die straat ingeneem om vir haar te werk.
- het nie die noodnommers binne bereik gehad nie.
- het oor die foon gesê dat sy Groot Penuel se geld getrek het.

*(Enige EEN)* (1)

8.1.9

- Grace het nie vir werk opgedaag nie.
- Angelina het werk gesoek.
- Lerato het vir Angelina tee gemaak.
- Angelina het vir Lerato met die mes gedreig. (4)

8.1.10 Die polisie ...

- het vinnig gereageer.
- was baie hoflik/vriendelik.
- het alles korrek gedoen/was professioneel.
- het daarin geslaag om Angelina te vang.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

8.1.11

- (Net soos 'n rot in 'n val), was Angelina toe vas/Albei was vas.
- Angelina se vrees vir Igundane was die val wat haar vasgehou het (totdat die polisie opgedaag het).

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

**8.2 "DIE WELDOENER" – T T Cloete**

8.2.1

- koordirigent/koorleier
- sangdosent
- komponis

*(Enige TWEE POSISIES)* (2)

8.2.2 **Onbelangrike mense/ontalentvolle mense✓ kritiseer maklik/maak jou maklik seer. ✓**
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

8.2.3 (a) E Die jongman is uitgelag. (1)

8.2.3 (b) D Gawie het die slapende jongman op die strand gekry. (1)

8.2.3 (c) A Die jongman is aangemoedig om wel konserwatorium toe te gaan. (1)

8.2.3 (d) B Die jongman het gewonder waarom Gawie soveel moeite vir hom doen. (1)

8.2.4 C die jongman vir Gawie aan sy eie seun laat dink het. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.2.5 (a)
- Die verhouding was swak/nie goed nie/stram/sleg.
- Hulle sou nie meer vriende wees nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 8.2.5(b) te kry.)* (1)

8.2.5 (b) Die vriende het hom **in die steek gelaat/gelos**✓ toe hy hulle nodig gehad het en sy **drome verwoes/hom uitgelag/gesê hy was nie goed genoeg nie**. ✓
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)

8.2.6 (a) goeie dade
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 8.2.6(b) te kry.)* (1)

8.2.6 (b) Die titel "Die weldoener" verwys na iemand wat goeie dade verrig.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

8.2.7 (a) by wie jou geheime veilig sou wees.
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 8.2.7(b) te kry.)* (1)

8.2.7 (b) Gawie het die jongman belowe dat ...
- hy sou maak asof hy hom nog nooit tevore gesien het nie/hy sou maak asof hy niks kon onthou as hy hom weer op die strand sou raakloop nie.
- hy alle deure agter hom sou toetrek.
- hy nie die jongman se mense/enigiemand van die voorval op die strand sou vertel nie/nie sou klik nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

8.2.8 (die nie-kan-ne:)
- Dis die nie-kan-ne wat vir hom gelag het.✓ (WAT)
- Die feit dat hulle hom uitgelag het, het veroorsaak dat hy sy toekomsdrome wou opgee.✓ (HOE)

*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (2)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 'DIE NUWE KIND' – Pieter Strauss

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 | Hector Sobukwe | (1) |
| 9.1.2 (a) | Die kinders het hom dopgehou/**aangehou** om na hom te kyk/hom aangestaar/onvriendelik na hom gekyk.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. EIE WOORDE. Ons aanvaar nie net dat hulle vir hom gekyk het nie.)* | (1) |
| 9.1.2 (b) | Die onderwyser het hom aan die klas voorgestel/bekendgestel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. EIE WOORDE)* | (1) |
| 9.1.3 | Dit dui aan dat ...<br>• die kinders die onderwyser as **hul eie beskou**<br>• nie hulle onderwyser met ander wil **deel nie**<br>• hulle die nuwe leerder **nie as een van hulle beskou nie**.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 9.1.4 (a) | omgekeerde woordorde<br>*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 9.1.4(b) te kry.)* | (1) |
| 9.1.4 (b) | • "bedees" staan nou voor in die sin/reël en dit word dus uitgelig.<br>• As die spreker "Jy knik bedees" geskryf het, was "bedees" nie uitgelig nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 9.1.5 (a) | hartseer/ongelukkig/eensaam/somber/geïsoleerd/afgesonder<br>*(Die antwoord mag ook as 'n selfstandige naamwoord gegee word en dit mag in 'n sin aangebied word. Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 9.1.5(b) te kry.)* | (1) |
| 9.1.5 (b) | • Die digter het gebruik gemaak van assonansie/deur lang vokale te herhaal, bv. oo, aa en ee.<br>• Die kommas by "eenkant alleen" beklemtoon die eensaamheid van die kind.<br>• Die herhaling van woorde "eenkant/alleen"<br>*(Enige EEN of soortgelyk)* | (1) |
| 9.1.6 | C leestekens | (1) |

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.7 Dit dui aan dat hy net soos die ander kinders was/wou wees/wou inpas.
*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

9.1.8
- Hierdie nuwe kind volg in alle opsigte die skoolreëls.
- Hierdie nuwe kind se hare is reg gesny/sy uniform is korrek/hy gedra hom in die klas.
- Die nuwe kind is skamerig, goedgemanierd en gehoorsaam/op sy plek.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. EIE WOORDE)* (1)

9.1.9 (a) strofe drie: op die speelterrein/speelgrond/buite die klaskamer/onder die boom/pouse ✓
strofe vier: kunsklas✓/
(*Indien kandidaat aanhaal, moet ruimte uitgelig word.)* (2)

9.1.9 (b) In strofe een voel die nuwe kind ongemaklik/blootgestel/ontuis.✓
In strofe twee voel die nuwe kind ongemaklik/teruggetrokke.✓
In strofe drie voel die nuwe kind uitgesluit/eensaam/vreemd/eenkant.
In strofe vier voel die nuwe kind op sy gemak/vry/gelukkig/tevrede.
(*EIE WOORDE. Sien slegs die eerste twee ruimtes se gevoel na.)* (2)

9.1.9 (c)
- Hy het in beheer gevoel.
- In hierdie klas kon hy uiting aan sy emosies gee/ presies sê of teken wat in sy hart aangaan.
- Daar was niks wat hom ingeperk het nie./Hy het vry gevoel./Hy het ontsnap uit die werklikheid.
- Die kind hou van kuns./Kuns is moontlik sy gunstelingvak./Hy kon mooi teken.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

9.1.10 Die leerders het ...
- nie die nuwe kind as deel van hulle aanvaar nie.
- die nuwe kind pouse alleen laat staan.
- hulle skoolklere en onderwyser net vir hulleself toegeëien.
- nie daarvan gehou om hul onderwyser met die nuwe kind te deel nie.

*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


**9.2 'Boekmerk' – Marlise Joubert**

| VR NR | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 | • hulle hande/handbewegings<br>• hulle lyfies/bewegings van hul lyfies<br>• hulle beweging deur die gang<br>*(Enige TWEE. Direkte aanhalings van r. 4 en 5 is nie aanvaarbaar nie, tensy die relevante woorde uitgelig word. Fokus op die liggaamsdeel of die beweging.)* | (2) |
| 9.2.2 | Die spreker verwys **na die gang/vloer** ✓wat so **glad/blink is** (soos water wat weerkaats.)✓ | (2) |
| 9.2.3 (a) | C vergelyking | (1) |
| 9.2.3 (b) | A klanknabootsing | (1) |
| 9.2.3 (c) | E personifikasie | (1) |
| 9.2.3 (d) | B metafoor | (1) |
| 9.2.4 | A die onderwyseres haar eie skooldae onthou het. | (1) |
| 9.2.5 (a) | Sy het die kinders dopgehou.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 9.2.5 (b) | • Die kinders was net soos sy toe sy op skool was.<br>• Sy besef dat sy ook ontevrede oor dinge was en ook geprotesteer het.<br>• Skool is nie altyd lekker vir kinders nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |
| 9.2.5 (c) | • Sy wou hê hulle moes met vreugde/mooi herinneringe aan hul skooldae terugdink.<br>• Sy wou hê hulle moes die lesse uit hulle skooldae onthou.<br>• voorbereid/sterk wees om die lewe aan te durf (r.26 – soos soldaatjies).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde. EIE WOORDE)* | (1) |
| 9.2.6 (a) | mooi en minder mooi herinneringe ingehou het.<br>*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 9.2.6(b) te kry.)* | (1) |
| 9.2.6 (b) | "bittersoet"<br>*(Die woord mag ook in 'n sin aangebied word.)* | (1) |
| 9.2.7 (a) | Alleenplasing<br>*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 9.2.7(b) te kry.)* | (1) |
| 9.2.7 (b) | Dit laat jou dadelik sien waaroor die gedig handel.<br>Dit beklemtoon waaroor die gedig handel.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | (1) |

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2.8 (a) Onderwysers se invloed
*(Hierdie vraag moet korrek wees om 'n punt by 9.2.8(b) te kry.)* (1)

9.2.8 (b) Onderwysers kan die skoollewe vir kinders spesiaal maak/'n tyd maak om te onthou. (1)
*(Of soortgelyk aan bogenoemde. EIE WOORDE)*

**[35]**

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

*Kopiereg voorbehou*